Een Man Se Invloed Op'n Ander

Dankie, Broer Neville. Die Here seën jou.

Goeienaand, vriende, dis baie aangenaam om weer vanaand hier by die tabernakel te wees, om weer te praat oor ons Here en Saligmaker, Wie ek seker is ons is almal lief voor, of ons sou nie hier in hierdie warm gebou gesit het, gepak soos ons is vanaand, as ons Hom nie liefgehad het nie. Want dis ons doel om hier te wees, is om aan Hom te wys dat ons Hom liefhet. En ons verwagtings is—is grootliks geraak wanneer ons dink aan Sy tyd wat naderkom. Soos ons die tekens sien verskyn van Sy neerdaling, verlang ons na daardie groot uur van wanneer ons Hom sal sien.

2 Sedert ek hier was nou die Sondag 'n week gelede, is daar meer wat aangegaan het om Hom te ontmoet. Een was Mev. Ford. Mev. Levi Ford. Sy was tagtig jaar oud, 'n dierbare vrou. Haar man het 'n tydjie gelede gesterf. Hy was 'n veteraan van die Spaans-Amerikaanse oorlog. En in my lewensverhaal het ek haar seun se naam genoem. Hy was die een wie vir my daardie pak klere sou hou, julle weet, nadat hy dit klaar gedra het, daardie—die pak van 'n—ek dink dit was 'n padvinder pak. ["Boy scout suit"—Vertaler]. En hy . . . Toe ek gegaan het om die deel daarvan te kry, was daar net een been daarvan oor.

3 Lloyd is miskien hier vanaand, dieselfde seun. En ek—ek het sy moeder se begrafnis nou die dag gehad. En hy het my gevra, gesê, "Billy, ek wens dat jy sal praat oor iets wat sal bewys dat my moeder weer sal opstaan." En die Here het my 'n boodskap gegee daarvoor op 'n presiese, positiewe . . . Wanneer die Bybel, alle natuur, alles wat God geskape het dit spreek, sal sy weer opstaan. Wie—wie gaan dan teen dit praat? God sê so, bewys dit deur Sy natuur, bewys dit deur Sy Woord, bewys dit deur haar lewe, alle ander dinge, dan moet sy opstaan, julle sien. Daar's geen manier nie, daar's niks . . . Hemele en aarde mag faal, maar dit sal nie faal nie. Sy sal móét weer voortkom.

4 Dan eergister, 'n bestuurder wat eers saam met my was, Mnr. Baxter (baie van julle onthou hom; hy het reg hier van hierdie platvorm af gepraat), sy vrou het skielik aan 'n hartaanval gesterf. En hy's baie gebroke en baie hartseer; en ek hoop—vertrou dat julle Broer Baxter in julle gebede sal onthou wanneer julle bid, want hy's een van ons broers. En hy bly in Vancouver, British Columbia. En hy was vir 'n paar jaar nou nie meer saam met my nie. En ek het gehoor dat sy vrou 'n soort van 'n senuwee

aanval of iets gehad het, en toe het sy ewe skielik 'n hartaanval gekry en was weg. Ons kan net nie sê watter tyd dit gaan roep nie. En dan wanneer dit—Hy roep, moet ons gereed wees. Dis die rede waarom ons vanaand hier is.

5 Ek was daar in die studeerkamer—die kantoor, liewer, met Mnr. Moore gepraat. Hy het my oorreed . . . ek het . . . ? . . . ek het probeer wegkom van Danksegging; ek wou 'n diens hier hê vir Dankseggingsdag, en dan verder gaan na Shreveport. Natuurlik, ek sou—sou dit skaars kon maak. En uiteindelik het hy gesê, "Wel, as jy—nou drie dienste het en daardie Sewe Seëls later gaan hê, dan kan jy in elk geval vir ons daardie een dag gee." So, uiteindelik, sou ons hom daardie Vrydag, Saterdag, en Sondag gee. En nou, ek het hom toe Donderdag, Vrydag, Saterdag, en Sondag belowe. En dit sal . . . Pinkster sal vyftig jaar oud wees in Louisiana die—Dankseggingsdag. Dit het vyftig jaar gelede in Louisiana geval.

6 Nou, môreoggend gaan ons soort van daarop nadruk lê dat almal wat nie 'n—'n Sondagskool het wat julle bywoon nie . . . ek sien ons dierbare Broer Don Ruddle hier, en ek weet hy het Sondagskool in die oggend. En miskien is daar ander predikers hier van hierdie buurt rond wat Sondagskool het. Nou, ons wil hê dat julle na jul eie Sondagskool toe moet gaan as julle een het. Maar as julle geen Sondagskool het nie, en julle hou daarvan om saam met ons te wees, ek wil in die oggend praat, en 'n swartbord neem, en leer oor *Die Volle Gestalte van 'n Volmaakte Man*, en dit uiteensit in—op die swartbord, en God se vereistes wys en hoe ons kom tot die volmaakte gestalte van—van 'n volmaakte man voor God.

7 En dan môre-aand, as die Here so wil, wil ek praat oor die onderwerp van *My Gids*. So as sommige van julle wat van 'n ander plek af kom . . . En ons wil probeer om hierdie dienste vroeg te begin as . . . Ek het nog nie met die pastoor gepraat nie, maar ek sou graag dat julle die Sondagskool baie vroeg in die oggend kan begin. En kerk môre-aand, miskien, as dit moontlik is, begin teen 6:30 of so-iets. En dit sal die mense die geleentheid gee dat as hulle wil bly . . . Ons kan miskien teen 8:30 uit wees, en dan kan sommige van hulle . . .

8 Ek het vandag 'n dame ontmoet wat ry vir drie of vier, omtrent . . . Sy het gesê, as ons 8 uur of 8:30 uitkom, sal sy omtrent 2:30 of 3 uur die volgende môre by die huis kom, haar man wat werk toe gaan . . . So ons sal tog niks anders doen as om rond te wag nie, so—so laat ons maar vroeg kerk toe kom. En ons het nie . . . Julle weet, ons het nie nodig om 'n vorm hieromtrent te hê nie; God is sonder vorm, julle weet, die Bybel . . . ? . . . So, ons hoop dat julle almal hier is, en—almal wat kan wees.

9 Nou, as julle jul eie dienste het, onthou, hierdie is 'n interkerklike tabernakel waar mense . . . ? . . . kom. En meeste van ons getalle word opgemaak deur mense van buite die dorp.

10 Nou, as daar miskien 'n vreemdeling hier is, wil ek jou iets wys. En ek het nou net na die platvorm toe geloop en ek sien nie—ek sien nie tien mense wat ek ken nie. Hoeveel mense hier is van buite die stad van Jeffersonville, lig op julle hand. Sien, nege-en-negentig persent. Sien, sien? Dis net vriende. Hoeveel is hier van 'n honderd myl ver, lig op julle hand. Daar's vyftig persent daarvan, van meer as 'n honderd myl ver. Hoeveel is hier van meer as twee honderd myl ver, lig op julle hand. Drie honderd myl ver, lig op julle hande. Kyk net daar! Vier honderd myl ver, lig op julle hand. Kyk net daar! Vyf honderd myl ver, lig op julle hand. Kyk net daar, meer as 'n derde van die gemeente meer as vyf honderd myl ver! Sien, dis net vriende wat saam vergader van rondom . . . ? . . . ons gaan hier wees. So, ons is dankbaar vir julle, en ons is hier om julle te help. Ons is hier om alles wat ons kan vir julle te doen.

11 En nou, ek het nou net daar agter gelees van—'n brief wat my seun toe net vir my gegee het van 'n dame wat gesê het hierdie—saam met hierdie keer sal dit vyf-en-dertig keer wees wat sy gekom het in die hoop om voor gebid te word. Vyf-en-dertig keer het sy gery vir honderde myle, vyf-en-dertig keer.

12 En onthou dan ook, daar's omtrent ses honderd en meer wat wag vir . . . ? . . . waglys van rondom die wêreld waarby ek probeer kom vir onderhoude. Julle sien . . . ? . . . nogal gekompliseerd. Wanneer ons net aan hierdie hier dink, is dit nie te veel nie. Ons kan net hoor dat . . . Sien, dis rondom die wêreld. En so is ons . . . ? . . .

13 Wonder of daardie dame in die gebou is vanaand (vyf-en-dertigste keer), wat 'n brief geskryf het dat sy môre hier sal wees? Vir vyf-en-dertig keer was sy hier sonder om voor gebid te word. Ek glo nie sy is in die gebou nie, kon miskien nie eers kom nie. Maar ek het nou net haar brief daar agter gelees.

Nou, ek het altyd probeer om wanneer ek hierheen kom op . . . Wanneer ek by . . . ? . . . om te praat oor iets nie net om te praat nie, of nie iets wat die mense sal behaag nie . . . Ek het probeer om te praat oor iets wat God sal behaag en die mense sal help (julle sien?), vir hulp, dat ons almal kan, maak nie saak watter kerk jy aan behoort nie, watter denominasie, dat jy gehelp kan word vir 'n nouer wandel met God. En dis ons rede waarom ons hier is: 'n nouer wandel met God.

14 En wanneer ons vind dat die dag so laat is soos dit is, en die koms van die Here naderkom.

Ek het my vrou vandag vertel, "As ek nie 'n herlewing êrens inkry nie, gaan ek—ek vergaan; ek—ek kan dit net nie staan nie. Ek . . . Iets binne-in my is net brandende."

15 O! Ons het nou net deur 'n hele reeks dienste gekom waar duisende mense bygewoon het. En maak nie saak of jy twee of drie miljoen mense gehad het nie, as daar nie 'n herlewing

was nie, is dit net wat ons dit gewoonlik in Kentucky genoem het, 'n langgerekte diens. Julle weet, ons gaan almal uit na 'n langgerekte diens het ons dit genoem. En ons wil 'n herlewing hê waar die Gees van die Here oor die mense beweeg, en mense word gered, en groot dinge word gedoen om iets te bereik vir die Koninkryk van God.

16 En nou, in die gebedsdienste, gewoonlik, ons . . . Julle kan sien waarom ons nie 'n gebedslyn hier kon hou nie. Sien, dis net so beknop, jy kan dit nie doen nie. Sien? Maar gewoonlik is daar mense in die gebedslyne wat—kom en hulle vind die—die Here 'n werklikheid. En ons vind dat die Here Jesus nie eers 'n bietjie verander het nie. Van wat Hy was, is Hy vandag, en sal altyd wees. En die Bybel sê in Hebreërs 13:8, dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd.

En in die vergaderings van die mense wat saamgekom het om Hom in daardie dae te hoor, miskien kon hulle nie in 'n gebedslyn gekom het nie; maar hulle het geloof gehad om te glo. En ons Here sou omdraai, soos hulle geloof Hom sou aanraak, en sou omdraai, en vir die mense vertel dat daar sekere dinge verkeerd was met hulle wat hulle gedoen het, en vir hulle om te gaan en gesond te word, of iets te moet gaan doen, iets reg maak, of iets.

17 Ons weet van die vrou by die put, en die vrou met die bloedvloeiing, en, o so baie, blinde Bartiméüs, dat hulle geloof Hom aangeraak het. En vanaand is Hy steeds die Hoë Priester van ons belydenis en net so groot soos Hy altyd was. Nou, ons moet onsself toelaat om Sy diensknegte te wees, Hy is die Wynstok, die—die toevlug van Lewe. Ons is die lote wat daardie Lewe ontvang. En die loot dra die vrug, nie die wynstok nie. En nou, Christus werk deur Sy Kerk. En dan, as ons onsself op so 'n manier kan oorgee dat die Heilige Gees algehele beheer van ons in ons geloof in Christus kan neem, sal Hy dieselfde ding doen, want dis Christus.

18 En as jy 'n vreemdeling hier is en saam met ons . . . Nou, gewoonlik, die mense hier . . . ? . . . in die tabernakel . . . Ons pastoor hier het feitlik elke aand gebed vir die siekes, en jy word voor gebid deur ons dierbare en geliefde pastoor, Broer Neville, 'n man wie God hoor en gebede voor antwoord, Broer Orman Neville. En—en Broer Don Ruddle, en daardie ander broeders wie vir die siekes bid . . . En Broer Jackson, ek dink hy is hier êrens rond vanaf die ander suster kerk onder in Howard Park.

19 En hierdie tyd terwyl die—dit so vol is, as julle net God sal glo . . . ? . . . waarvoor julle ookal mag nodig hê . . . En jy is 'n vreemdeling en ek ken jou nie, vra jy net vir God en kyk of Hy nie dieselfde is gister, vandag, en vir altyd nie. Sien of Hy nie direk kan spreek . . . ? . . . Hy ken jou; Hy weet wat verkeerd is met jou; al wat jy moet doen . . . ? . . . glo Hom. En dan, Hy sal jou vir een instrument gebruik en my vir 'n ander. Jesus het gesê, Johannes

14:7, "Hy wat in MY glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Nou, dit is 'n oorgegewe vat.

20 Nou, môre gaan ons leer hoe jy daardie vat word, dat God, die Heilige Gees . . .?. . . deur jou kan werk. En so . . . Sien, Hy was . . .?. . . God was in 'n pilaar van vuur, toe was Hy—Hy het in Sy Seun, Christus Jesus gewoon; nou in Sy Kerk. Eenmaal was Hy die Vader genoem, toe die Seun, nou die Heilige Gees. Dis God wat Homself aan die wêreld vertoon. Die enigste manier waarop Hy in die Kerk kon kom was om eers te sterf vir die Kerk om Dit te reinig, sodat Hy Homself deur Sy kerk kan vertoon. Dan het Hy in Johannes 15 gesê, "Ek is die Wynstok, julle is die lote," (sien?), en die loot dra net die vrugte. Die Here seën julle.

21 En nou, voordat ons . . . Vir die les vanaand . . . En ek wil julle nie lank hou nie, want ek sien die mense wat opstaan, en een wat sy plek neem, en dan sit 'n ander weer, en so aan.

Ons probeer hard om 'n—'n permit vir sitplek vir omtrent drie of vier honderd meer te kry, maar die stad blyk om ons terug te hou daarop, deurdat ons nie voldoende parkeer ruimte het nie. Ons het die permit van Indianapolis gekry, en toe het die stad . . . Ons moet parkeerplek hê. O, wanneer ons vier mense hierbinne sit, moet ons genoeg parkeer ruimte hê vir 'n motor hierbuite. En hierdie parkeerplek hier behoort in werklikheid aan die stad, so, sien, hulle . . . Ons is—ons kerk hier is net omtrent een voet van die stadsgrens. En die—in werklikheid, die hoofweg, die rede waarom dit hier gebou is . . . Natuurlik, sommige van julle mense, jongmense hier, sal dit nie verstaan nie, maar hierdie was altyd 'n dam gewees. En ek onthou toe ek 'n seun was, het ons hier afgery, en ons moes daar in die veld omry om rondom die dam te kom. Hulle het die pad reg om die pad gebou—om die dam.

22 En, ek het hierdie standplaas hier gekoop. Net hier gebid waar hierdie is, die Here het my gesê om dit te koop omtrent dertig jaar gelede of twee-en-dertig jaar gelede, dit is, dink ek. Reg hier in 'n groot moeras en grasse oor my kop . . . En ek het die standplaas gekoop vir 'n honderd-en-sestig dollars, hierdie hoek—hoek reg hier, en die kerk gebou.

23 Nou, die Here seën julle. Ek wil (as dit 'n teks genoem sou word, vir sommige van die . . .), sommige van die kontekse op notas lees; ek wil graag met die gehoor vanaand praat oor die onderwerp van *Die Invloed van 'n Ander.*

En voordat ons praat of die Woord lees, laat ons ons hoofde buig en praat met die Skrywer van die Woord.

24 En nou, met ons hoofde gebuig en ons harte . . .?. . . ook in Sy heilige eerbiedigheid. Ek wonder of daar sommige is . . .?. . . wat vanaand 'n versoek het dat hulle—wat brandende op hulle harte is, dat hulle net mag . . .?. . . julle hand lig voor God en in julle gebed sê, "Here Jesus, ek het 'n behoefte. Praat met my vanaand. Genees my. Gee my my finansiële behoeftes," of wat dit ookal is.

Hy voorsien al ons behoeftes. God seën julle. Omtrent negentig persent van die gemeente.

25 Ons Hemelse Vader, ons nader tot U. Nou soos ons hierdie klein tabernakel van klei waarin ons woon verlaat, hierdie klein skippie wat die lewensbaan seil, deur geloof kom ons op bokant Mars, Jupiter, Venus, die maan, die sterre, die melkweg, en kom nou aan in die geloof by die troon van die Vader. Sien Hom daar sit, Sy deurboorde hande en Sy voete; mag daardie bloed nou voorbidding doen soos ons ons gawes lê op die altaar van goud rondom Sy troon.

26 Ons dank U eerstens vir Jesus, Wie al hierdie dinge moontlik gemaak het vir ons deur ons geloof wat ons gaan vra. U het die hande gesien, U weet wat onder die harte van die mense geklop het. En ek lê my geloof Here op die offerande in die groot goue altaar van God waar die wierook daagliks gebrand word. Ek bid dat U sal hoor en hulle gebede sal antwoord, Vader. Gee aan hulle die begeertes van hulle hart.

27 En nou, soos ons vergader het, Here, vanaand vir hierdie drie dienste, is ons hier in hierdie warm gebou vanaand vir geen ander doel as ’n nouer wandel met U nie. Wetende wat om te doen . . .?. . . Here, wat om te doen . . . Soos die profeet gesê het, “Hulle wat op die Here wag, hulle sal hulle krag hernu. Hulle sal opvaar op met vleuels soos ’n arend. Hulle sal hardloop en nie moeg word nie; hulle sal wandel en nie mat word nie.” Here, leer ons hoe om te wag nadat ons gevra het en . . .?. . . geloof te hê dat U gehoor het, en in U regte tyd sal U ons antwoord langs die goue trappe afstuur vanaf die gange van die Hemel tot reg binne-in ons siel. En ons sal ontvang wat ons voor vra, omdat ons dit glo.

28 Reinig ons ore vanaand om te hoor en ons harte om te ontvang; en mag wanneer die diens oor is, mag ons sê soos hulle wie van Émmaüs afgekom het, “Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat het nie?” Want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

29 Ek sal graag vanaand ’n deel van die Skrif wil lees wat gevind word in die Boek van Jesaja. Môre, maak seker as julle ’n papier het, ek wil hê dat julle . . . Ek gaan ’n kaart hier op hê of ’n swartbord om die les soort van uit te teken. En ek wil hê dat julle dit moet kry as julle moontlik kan, want julle kan dit bestudeer nadat julle by die huis kom.

30 Jesaja die 6de hoofstuk, ek wil graag ’n paar verse uit hierdie hoofstuk lees om die konteks te kry om—vir vanaand.

> *In die sterfjaar van koning Ussia het ek die Here sien sit op ’n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het.*

Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg.

En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!

En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword.

Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare gesien!

Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het,

en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.

Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.

31 Hierdie is nogal 'n—'n groot onderneming wanneer ons dink aan die—wat dit gaan beteken soos ons hierdie visioen van Jesaja bestudeer. Dis. . .Ek het altyd van Jesaja gehou. Hy was een van die hoof profete. Jesaja het die hele Bybel geskrywe. Daar is ses-en-sestig Boeke in die Bybel, en Jesaja het ses-en-sestig hoofstukke geskryf. Hy begin met die begin van die skepping; in die middel van die Boek bring hy die Nuwe Testament en Johannes die Doper voort; en by die 56ste en 60ste hoofstuk eindig hy in die groot Duisendjarige Vrederyk: ["Millennium—Vertaler] Genesis deur die Nuwe Testament tot in Openbaring. 'n Groot man was hierdie Jesaja. Uiteindelik gesterf as 'n martelaar onder die doodstraf.

32 Elke gees-gevulde man van die Bybel het gesterf of was vervolg onder die regering. Elke een van hulle waaraan jy kan dink: Moses, die Hebreërse kinders, en Daniël, en Jesaja. Jesaja was in stukke gesaag met 'n saag. En verder aan, Johannes die Doper, elke een van die apostels, Jesus Homself, almal het gesterf onder die doodstraf of straf van die regering. En volgens die manier waarop dinge ophoop, gaan daar meer getuienisse by hulle s'n gevoeg word een van hierdie dae. Sien? En as daar ooit 'n tyd was waarop ons moet saamstaan, is dit nou.

33 Ek dink julle het seker gehoor van die diens wat in Rome aangaan, en ons het—hulle het 'n wonderlike tyd daar anderkant. En hulle gaan 'n herlewing begin. Dit sal 'n wêreldwye herlewing wees, verseker. Terug na hierdie onderwerp (ons sal daarby kom in die Sewe Seëls)—na hierdie onderwerp om beïnvloed te word.

34 Koning Ussia was 'n skaapherderseun. Hy was grootgemaak . . . En hy was lief vir die buitelewe. En hy het regeer gedurende die tyd van Jesaja se profesie. Jesaja was geleer deur—deur een van die ander hoof profete. En ek dink dit was Sagaria, deur wie Jesaja insig gekry het, wie 'n profeet was toe Jesaja op die toneel verskyn het. En Jesaja was geroep, en hy was 'n—'n profeet. Profete is nie net deur mense gemaak nie; profete word gebore as profete.

35 Nou, daar is 'n gawe van profesie wat in die kerk kom, dat mense 'n profesie gee. Baie lede van die Liggaam van Christus kan dit doen, dis onder inspirasie.

Maar 'n profeet is daar gestel in die Kerk deur God, voorbestem tot die gawe van—van profeet—of die gawe om 'n profeet te wees, nie 'n profeteerder nie.

36 Nou, nou, ons vind uit dat hierdie jong man die troon geneem het. As julle sommige van die Skrifte wil neerskryf, dis II Kronieke die 26ste hoofstuk. Julle kan lees waar dit sê dat Koning Ussia nadat sy vader gesterf het A-m-á-s-i-a, Amásia—nadat hy gesterf het, 'n regverdige man en wat afgedwaal het van die Here, en doodgemaak was deur sy eie mense—Ussikia het sy—of Ussia, liewer, het sy plek as koning geneem. En hy was op die troon gesit en gesalf op die ouderdom van sestien jaar oud, net 'n seun, maar hy was in lyn om koning te word, alhoewel hy net 'n jong seun was. En hy het goed gedoen. Die Bybel vertel ons dat hy 'n godvresende vader en 'n godvresende moeder gehad het, en hy kon nouliks iets anders wees met sulke invloed as om 'n godvresende seun te wees, want dit was wat gedurigdeur voor hom geplaas was.

37 Weet julle wat dink ek? Almal het hulle eie opinie. Maar een van die grootste, en dis my opinie, die grootste president wat ons ooit in hierdie land gehad het was Abraham Lincoln. Nou, nie omdat hy 'n Republikein was nie, maar omdat hy was wat hy was, 'n goddelike man. En hy was grootgemaak, en hy—om God te dien. En hy het gesê, "As daar enigiets is waarvoor ek eer wil gee," het hy gesê, "of waardeur my lewe beïnvloed was, was 'n goddelike moeder wie my geleer het om te bid en om Jesus as my Saligmaker te ken."

38 O! Jou familie is wat jy is. Maak jou kind groot in 'n sekere omstandigheid; dit het 'n agt-en-negentig persent beter kans om reg te wandel as wat dit het as jy dit in die verkeerde manier opvoed. "Voed 'n kind op in die manier waarop dit moet gaan, en wanneer dit oud is sal dit nie van dit wegdraai nie." Word reg opgevoed, leer jou kinders om reg te doen; om eerlik te wees, om reguit en regverdig te wees selfs wanneer hulle in die skool is.

39 Nou, baie keer is kinders geneig om die een van die ander af te kyk, en-en probeer om hulle weg deur die skool te bewerk.

Maar jy weet, ek dink as jy dit net jouself kry, dan is dit iets wat jy—dan kan jy jou goeie punte waardeer.

40 Julle weet, as julle 'n toets gaan kry die volgende dag, in plaas van om die hele aand rond te loop, en die volgende oggend opstaan en dink, "Wel, ek sal langs *So-en-So* sit; hulle is slim; En dan sal ek—ek kan van hulle afkyk," as jy net voordat Pappa danksegging doen by die ontbyttafel, as jy net sal sê, "Pappa, onthou my vandag, ek moet 'n toets skryf in chemie," of wat dit ookal is.

Dan moet jy, wanneer jy bid, Pappa, sê, "God, seën vir John, Mary in hulle toets vandag." Ek sê vir julle, dit sal die bordjies verhang.

41 Onthou, ons kan hê wat ons wil as ons in geloof vra terwyl ons glo. Jesus het gesê, "Alle dinge is moontlik vir hulle wat sal glo. Julle het nie want julle vra nie, en julle vra nie want julle glo nie." Hy het gesê, "Vra oorvloediglik sodat julle blydskap volkome kan wees." Ek hou daarvan.

42 Ons leer reg: Sê die regte ding; doen die regte ding; dink die regte ding; dink altyd reg. En ek het 'n klein gesegde: Doen reg, dis jou plig teenoor God. Dink reg, dis jou plig teenoor jouself; en jy kan nie anders as om reg uit te kom nie.

43 Jy kan nie oos en wes gaan op dieselfde tyd nie, ook kan jy nie reg en verkeerd gaan op dieselfde tyd nie. Maak nie saak hoeveel jy dink jy die ander pad gaan nie, as jy nie reguit wes gaan nie . . . Jy gaan nie oos as jy wes gaan nie.

44 So hierdie jong koning wat deur sy vader beïnvloed was toe hy 'n jong man was en Israel die leringe van God geleer het . . . En toe ewe skielik het hy in sy laaste dae gedraai en teen God geleer. En sy eie mense . . . Hy was doodgemaak deur sy eie mense. Dit het gelyk asof dit 'n groot les sou wees vir Ussia hieromtrent. Maar ons vind dat toe Ussia die troon geneem het, dat hy in dieselfde weg begin het as wat sy vader gegaan het, die dinge van God teruggebring het, vir Israel teruggebring na die aanbidding van God. Hy het homself versterk.

45 En ek wil altyd dankbaar teenoor hom wees in sy jong dae, want hy het nooit politiek gespeel nie. Alhoewel politiek miskien teen hom mag gewees het, maar tog, hy het reg op die lyn van God gebly. En dit het hierdie klein, jong profeet so geesdriftig gemaak, totdat hy 'n held geword het. Hy was 'n voorbeeld vir Jesaja die profeet.

46 En Jesaja het na die kasteel gegaan om by hom te bly, na die koning se paleis. Hy het hom ingeroep; hy het van Jesaja gehou. Jesaja was ook jonk, en—en hy . . . Hulle was vriende saam. En hoe daardie koning . . . Wanneer hy daar sou uitgaan . . .

En hulle—sommige van die manne van die politiek sou inkom en sê, "Ons moet *so-en-so* maak."

Koning Ussia eers die Here geraadpleeg, "Here, is dit U wil dat ons dit op hierde-en-hierdie-manier doen?"

God gee ons 'n president soos daardie, nie alleen dit nie, maar gee ons predikers. "Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en alle ander dinge sal bygevoeg word."

47 Hierdie moes 'n groot invloed gewees het, want Jesaja het hom liefgehad, want hy het gesien hy was 'n groot man, en hy—hy het ferm en solied vir God gebly. En julle weet, elke keer in die die dae wat ons lewe, in die dinge wat ons doen, onthou, die publiek kyk nie net na die pastoor nie, die manier wat hy kyk—lewe nie, hy—hulle kyk ook na die gemeente.

48 O, hoe jammer is dit wanneer ons aan die kerk dink. Somtyds wanneer die pastoor aan 'n sekere organisasie of 'n groep behoort, en hierdie organisasie stuur hom na 'n sekere kerk, en somtyds is daardie pastoor se hande gebind deur daardie organisasie. En die persoon wil die Here dien, en hy dink—was geleer dis omtrent die enigste manier waarop hy dit kan doen, is deur sy organisasie te dien. En as hy opgestaan en gepreek het wat die Woord gesê het, sal die kerk hom uitstem; en dan is hy bang dat hy dan nie 'n kans sal kry om die Evangelie te preek nie.

49 Maar o, wat ons in die preekstoele vandag nodig het is manne wat soos Ussia was. Maak nie saak wat die politiek van sy kerk of die politiek van enigiets anders is nie, hy het die hand van God deurgespeel. Hy het gewag totdat hy SO SPREEK DIE HERE gevind het, dan het hy dit gedoen.

Klein . . . Daardie klein profeet, (jong persoon omtrent sy ouderdom) in die tempel saam met hom, hulle sou saam afgaan en kniel en bid, sonder twyfel, en die wil van die Here vra, en dit dan vergelyk met die wette van die Bybel. As dit dan reg was, het Ussia dit laat deurgaan; as dit nie reg was nie, het hy politiek daarop verdoem. God gee ons meer soos daardie! En dit het Jesaja verheug want hy was gebore as 'n profeet.

50 En Ussia het 'n held geword vir—vir Jesaja. Julle sien hy was . . . As gevolg van sy—sy stand vir God, het hy 'n held geword in die oë van die regverdiges. En daar mag moontlik nie te veel regverdiges gewees het nie. Sien? Maar die ding wat ons graag wil doen, is om ons lewe te laat tel vir God. Iemand hou jou dop.

51 Ek het nou die dag vir iemand 'n bietjie in die hande gekry. In 'n sekere omgewing het hulle 'n . . . 'n Groot denominasie kerk het 'n groot ruk en rol partytjie hier onder gehad, en hulle het gedans tot omtrent 1 uur in die oggend. En hulle het iemand geterg wat na die tabernakel toe kom, en gesê hulle is "holy rollers" wat hiernatoe kom, omdat ons geen denominasie het nie. En o, het dít my 'n kans gegee. Julle kan net omtrent dink wat gebeur het. Maar die ding daarvan is . . . Nou, daardie mense . . . Geen twyfel, dat die jong dame wat die opmerking gemaak het, as sy net geweet het wat Waarheid was . . .

52 Ek was in die berge 'n paar weke gelede. En ver terug toe ek oppad huis toe was, ons het teruggegaan (die familie en ek) om 'n bietjie te rus, waarheen ons weer gaan, as die Here so wil, volgende week. En toe, terwyl ons daar was een aand, het ek 'n visioen gesien. En dit was 'n—'n lieflike, pragtige vrou, jong vrou aan die hardloop; sy het haar hand hier gehad, en sy was sterwende met 'n hartaanval, 'n pragtige vrou. En sy het geval en was weg. En die Engel van die Here het gesê, "Nou, wanneer jy hiervan hoor, onthou, hulle gaan sê dat sy selfmoord gepleeg het, maar sy het in 'n hartaanval gesterf. En dis amper 4:00, so sê jy net 4 uur," en toe het Hy my verlaat.

53 En ek het nie die familie in die klein koeikampie (of waar die "cowboys" bly, waarheen ons daar moet teruggaan om die beeste bymekaar te bring), ek—ek het hulle net laat slaap tot die oggend. En toe, die volgende dag het ek dit genoem, en ek het gesê, "'n Jong vrou, baie aantreklik, gaan sterf—'n hartaanval." En op die pad uit twee dae later, daar kom dit in op die radio dat hierdie Mej. (ek kan nie aan haar naam dink nie) Monroe, Mev. Monroe. Ek dink dit was haar verhoognaam, of wat dit ookal was; haar naam was iets anders. En sy het gesterf, en hulle het gesê sy het selfmoord gepleeg.

54 Nou, dit maak geen verskil hoeveel keer ek dit sê nie; hulle sal steeds sê sy het selfmoord gepleeg. Maar die kind het nie; sy het aan 'n hartaanval gesterf! En as julle sou oplet, sy het haar hand, probeer om by die telefoon te kom—die foon in haar hand. Sy het 'n hartaanval gehad. Hulle het gesê daar was slaappille; sy het hulle vir 'n maand lank geneem (sien?) of langer, uit daardie bottel. Sy het aan 'n hartaanval gesterf, en sy het omtrent vier of vyf sekondes voor 4 uur gesterf, presies.

55 En ek het gelees van haar lewensverhaal in die tydskrif van hoedat haar . . . Sy was 'n buite-egtelike kind; en hoedat sy so baie skottelgoed gewas het; en haar moeder in 'n sielsieke inrigting; en sy het verlang (maar sy was die mees volmaakte liggaamlik geboude vrou, dink ek, in die wêreld)—maar sy het verlang na iets wat geld nie kon koop nie. Ek het gedink, "O, ek het gewens ek kon by haar kom! Ek weet wat sy nodig gehad het!" Daar het jy dit!

56 Miskien lede van die kerke van roem, beste—beroemde Hollywood, waar al die dekorasie en skittering skyn . . . Maar hulle het daardie mense gesien . . . Sy kon sien hulle het geen ander lewe geleef as wat sy het nie. Dit neem invloed! Dit neem die krag van die opstanding van Christus tussen die mense, dat hulle sien dat Christus nie 'n standbeeld is wat in 'n gebou hang nie, maar Hy's 'n lewende Wese in die vorm van die Heilige Gees, wat lewe in man en vroue, wat vrede bring, en tevredenheid, en geluk. O, as ons net by die jong dame kon kom voor sy die wêreld verlaat het.

57 Nou, invloed. Ons vind uit dat—dat Ussia se lewe hierdie profeet beïnvloed het tot in so 'n mate dat Ukkia—Ussia, liewer, mure gebou het en homself versterk het, en die grond teruggeneem het en die eiendomme wat aan hulle behoort het vanaf die Filistyne, en so aan, totdat sy faam al die pad tot Egipte gestrek het. En ek sê vir julle, van al die kronieke van die konings, was daar niemand van hulle buiten Salomo, wat uitgestrek het soos Ussia nie. Waarom? Omdat hy die voorbeeld gestel het. Hy het by God gebly, maak nie saak wat sy mense gedink het nie, wat enigiemand anders gedink het nie, wat sy politici wat hom probeer beïnvloed het nie. Hy het direk by God gebly, en dit—God het hom geseën. Dit was 'n groot hulp vir hierdie jong profeet.

58 Hoe seën God 'n man wat getrou sal wees aan die Woord van God. Nou, hy mag nie baie populêr wees nie, maar hy sal geseënd wees. En nou, mense moet hulle keuse maak, of jy soos die res van die mense wil handel en of jy geseën wil word deur God. Nou, jy kan net jou keuse maak. As jy soos die res van hulle gaan lewe, sal jy deur hulle geseën word; maar draai jy jou—al jou begeertes tot God, en jy sal deur God geseën word. So jy moet "Kies jy hierdie dag wie jy dien," soos die profeet gesê het. "Onthou altyd jou Skepper, eerste, altyd."

59 Nou, maar die...Toe hierdie koning by 'n plek kom, onderwyl hy so 'n groot man was, en Jesaja en die regverdiges beïnvloed, natuurlik, van sy koninkryk, het hy op 'n plek gekom—hy het selfversekerd begin voel.

En daar's waar jy jou fout maak. Daar's waar so baie regverdige manne die stof van skande byt, die stof van nederlaag byt, is omdat hulle begin om selfversekerd te voel. Jy begin voel dat jy so lank vir Christus gelewe het, dat wat Hy ookal voor jou stel, jy jou keuse sal maak of jy dit wil hê of nie. Jy móét aanhou om God te dien. Maak nie saak wat jy tien jaar gelede was nie, dis wat jy nou is.

60 Die koning het tot op 'n plek gekom dat hy in homself gedink het, dat hy verhewe geword het. Trots het in sy hart gekom.

En dis wat met ons gebeur. As julle hierdie uitdrukking sal verskoon, dis wat met ons kerke gebeur het dwarsoor die land. Hulle is goeie mense daarin; sommige van die beste van die wêreld gaan kerk toe. Ek dink die beste in die wêreld gaan kerk toe. Maar die ding daaromtrent is, die—die organisasie sisteem raak verhewe. Dis wat gebeur het met die—die Metodiste; dis wat gebeur het met die Baptiste; dis wat gebeur het met die Nazareners, met die Pelgrims Heiliges, met die Pinkster—verhewe, self-willig, self-gesentreerd, trots, wat jy niks aan kan vertel nie. God kan nie 'n weg vind om in hulle harte te kom nie. Dis omdat hulle so weet-dit-alles geword het dat niemand hulle iets kan vertel nie. En deur hulleself te bou rondom redenering met broeders, het hulle hulself gebou rondom hulle leerstelling. En wat hulle doen, hulle laat God in die agtergrond.

61 Dis wat gebeur met doktors. Wanneer hulle so self-gesentreerd raak dat hulle geen hulp van God nodig het nie, dis wanneer ek nie een—nie een met my wil laat lol nie. Wanneer jy God uit enigiets uitlaat, dan laat jy net—wil ek hê jy moet my ook uitlaat. Sien? Want jy moet altyd God eerste onthou!

Hy was verhoog.

62 So vele vandag . . . Jy neem 'n—'n familie van mense wat sal begin kerk toe gaan. En God sal die klein familie genees. Hy sal hulle seën, en hulle die Heilige Gees in hulle lewe gee. Die klein kindertjies sal rondom die tafel bid; hulle sal bid voor hulle bed toe gaan. Moeder en vader sal hande vashou en bid. En solank hulle só aangaan, sal hulle 'n familie bly; maar laat jy hulle . . . Eerste ding wat jy weet, hulle het niks gehad nie, 'n ou gemors motor, miskien, rondgery daarin, of miskien geloop.

Uiteindelik sal hulle 'n goeie motor kry, 'n beter huis. En die eerste ding wat jy weet, dan wil hulle kom by wat hulle—die wêreld noem, 'n beter klas om mee te assosieer. Hulle trek na 'n ander omgewing, en daarin, vind hulle uit hulle word beïnvloed deur die verkeerde invloed.

Jy moet altyd bly waar die Koninkryk van God is en waar die heerlikheid van God uitgestort word. Bly waar jy geestelik gevoed kan word dag en nag. Dan die eerste ding wat jy weet, skeidings kom in die huis, en wêreldsheid, en hulle raak verhewe. Ussia het dit gedoen; hy het verhewe geraak, baie trotsheid.

63 En nou, ons sien wat hy probeer doen het. Nou, wat hom in werklikheid gevang het toe hy verhewe geraak het in sy hart, (ons word in die Bybel vertel, in Kronieke die 26ste—ons vind uit—II Kronieke 26), ons vind uit dat hy in die tempel van die Here ingegaan het met 'n wierookvat in sy hand om wierook tot die Here te brand. En toe hy dit gedoen het, het die dienaar van die tempel met tagtig ander dienaars hom gevolg en vir hom gesê, "Moet dit nie doen nie; jy's verkeerd. Jy is nie 'n dienaar nie. Jy is 'n koning, nie 'n dienaar nie."

64 En hy was kwaad, en hy het woedend geraak. En sy humeur het hom oorweldig, en hy het die wierookvat aangesteek om nogtans te gaan. En God het hom net daar met melaatsheid getref terwyl hy daar in sy woede gestaan het; en hy het 'n melaatse gesterf. Hulle moes hom uit die tempel neem.

65 Dit is waar ons nou 'n les moet leer. As hierdie man wat God in sy kapasiteit geseën het . . . Maar hy was nie tevrede daarmee nie, hy wou iemand anders se plek geneem het. Jy kan niks wees nie . . .

Soos Kongresman Upshaw (julle onthou hom, die een wat—wat kreupel was vir agt-en-sestig jaar en wat in die diens genees was daar, julle weet. Hy was 'n kongresman van die Verenigde State), hy het gesê, "Jy kan niks wees wat jy nie is nie." So

dis omtrent waar. Jy moet in jou roeping bly, waartoe God jou geroep het.

66 Nou, solank as wat hy koning gebly het, en—hy was 'n seën vir die mense as 'n koning. Maar toe hy dink hy was 'n dienaar, toe. . . Hy het gedink omdat God hom geseën het, kon hy enigiets wees wat hy wou wees. Maar hy was 'n seën vir die mense as 'n koning, maar nie 'n seën. . . Hy het 'n vloek oor hulle geword toe hy probeer het om die dienaar se plek te neem.

En ons het baie daarvan. Elkeen wil die bal neem. Sien?

67 Wanneer jy 'n voetbal spel speel (noudat dit voetbal seisoen is), die ding wat ons wil doen, is dat elkeen nie die bal moet probeer afneem van die man wat dit het nie; dis om te probeer wag hou oor daardie man. Hom beskerm; hom laat deurgaan. Ons probeer om 'n doel te maak. Sien?

68 Maar kan jy jou 'n koning voorstel so onopgelei as om een man te vind—hulle eie man—wat met die bal hardloop na die veld doel, en dan instede van die vyand te probeer wegstamp van hom, die teenstanderspan, om jou eie man wat die bal het te laat hardloop, elke man probeer om die bal uit sy hand te neem? Wel, jy is gedoem om te verloor.

69 En vandag, ons het dieselfde ding. Wanneer ons God op die toneel sien kom, en 'n sekere ding gaan seën, laat ons al die vyande daarvan weghou. Laat ons ons invloede gebruik as voorlopers, nie hardlopers nie, voorlopers wat die hardloper beskerm, hom die bal laat deurkry, want daar is nie teenstand nie, al wat jy moet doen is net aanhou hardloop. En ons behoort voorlopers te wees.

70 Ek praat wêreldwyd, julle weet, vir die Volle Evangelie Besigheidsmanne, rondom die wêreld, organiseer byeenkomste. En nie lank gelede nie, dink ek, was dit by Kingston, Jamaica, toe hulle Castro en almal van hulle daarbo gehad het by hierdie byeenkoms (of ons was onder by sy plek, dis hoe dit was), en die beroemdes van dwarsdeur al die eilande was daarbo; en daardie besigheidsmanne het probeer om die Evangelie te preek. Hy's uit sy plek. Ons predikers het 'n moeilike genoeg tyd om dit gelyk te hou. En hulle gebruik die bietjie invloed wat hulle kan vind, en elke tegniek *hierdie* manier en *daardie* manier, en hou dit so sorgvuldig dat jy nie weet wat om te doen nie.

71 Baie maal by 'n—in 'n kerk—'n klein kerkie kan 'n herlewing aan die gang hê; iemand sal wil uitgaan hierheen en 'n biduur lei. En dan, hy het 'n ander idee van wat die Bybel werklik sê, maar hy glo dit hierdie manier in elk geval; en hy sal 'n invloed begin en ander wegtrek daarvan.

Die ding om te doen is om hierdie Boodskap te beskerm in die manier waarop Dit gaan, streng by Dit te bly, en alles wegstamp Daarvan af, as ons ooit oor die doellyn wil gaan.

72 En ek het gesê, "Broeders, daar's iets verkeerd. Julle mense is besigheidsmanne. Die eerste plek, julle verstaan nie die benadering nie. Julle verstaan nie die benadering tot die bediening nie, want die bediening is 'n God-geroepe gawe."

"God het in die Kerk geplaas eerstens apostels, profete, leraars, evangeliste, en herders." God het hulle daar gestel vir die vervolmaking van die Kerk.

Besigheidsmanne moet getuig. Vroue, huisvrou, maak nie saak of jy die bediende in iemand se huis is nie, getuig. Doen alles wat jy kan vir die Koningkryk; maar moenie ooit jou eie idees inplant nie; sê net wat die Boodskap sê en gaan aan (sien?), en dan sal jy miskien 'n invloed hê. Wel, moenie nou probeer om te preek totdat God, jy weet, jou roep nie. Bly net presies daarby, jou getuienis, want as jy nie, sal jy of gaan in die verkeerde kategorie; en dan sal jy alles opmors. Daar is dit. En dit behaag God glad nie. Hierdie bewys dit hier.

73 Toe hierdie koning . . . Nou, toe hy berispe was en die waarheid vertel was deur die bedienaar van die gebou, en hom probeer vertel het dat hy verkeerd was, dat God dit alleenlik bedoel het vir Aäron se afstammelinge, en alleenlik hulle was toegewyd vir daardie diens . . . Dis al wat hulle moes doen, hulle was toegewyd daarvoor. En 'n koning, maak nie saak hoe regverdig hy was nie, of hoeveel God hom geseën het nie, hy het geen reg gehad om wierook te brand nie. Hy het die priester se plek geneem, en hy behoort dit nie te doen nie. En toe hy berispe was, het hy kwaad geword; sy humeur het opgevlam, en terwyl sy humeur opgevlam het, het melaatsheid in sy gesig verskyn. Hy het met melaatsheid uitgeslaan, en toe het hy die wierookvat laat val en uit die gebou gehardloop. Sien?

Probeer om iemand anders na te boots, ons behoort dit nie te doen nie.

74 In sy woede het hy verkeerd gehandel, en hy was geslaan. O, dit was sekerlik 'n les vir hierdie jong profeet, om te sien, nou, maak nie saak hoe groot die man was nie, hy moes in sy roeping bly.

75 Ek besef hierdie word op band vasgelê, en ek weet dit sal—gaan oral oor die wêreld, tot agter in die woude, en Hottentotte, en alles. Hierdie boodskap hier vanaand sal in tale vertaal word. Maar ek sê dit met my hele hart, hoe kon . . .

Baie mense sê, "Waarom sluit jy nie by sekere organisasies aan nie? Waarom kom jy nie reg met die Pinkstermense nie? Waarom kom jy nie reg met *hierdie* groep nie? Waarom laat jy nie net hierdie klein dingetjies los nie?" Hoe kan ek dit doen? Ek moet by daardie Boodskap bly!

76 Toe die Engel van die Here onder op die rivier verskyn het in daardie Lig daar soos julle sien, en toe dit bewys was deur die regering en oral anders, met wetenskap—wetenskaplike

navorsing dat dit die waarheid is . . . En Hy my vertel het om met hierdie Woord te bly. Hoe kan ek Dit dan vir 'n doktrine verruil? As daardie manne daarop uit is om dit te doen, laat hulle dit doen. Maar ons was geroep om die Woord te preek! Moenie 'n kompromis aangaan nie; ["don't compromise"—Vertaler] staan op die Woord!

77 So nou sien julle die rede waarom dit 'n gevaarlike ding is om te probeer kompromitteer en iets anders doen, of te probeer verhewe word in jouself, en sê, "O, ek kan *dit* doen en meer geld maak. Ek kan *dit* doen, en al die broeders sal met my saamstem." Ek kan op hierdie Woord kompromitteer, en—totdat nege-en-negentig persent van die predikers heeltemal sal omdraai, "Dis goed, dis goed." En ek weet nou, baie van hulle noem . . . Wat is dit? Brode en visse, die mense genees sien raak, en die onderskeidings, en die kragte van God, en so aan, gemanifesteer. Hulle kry jou daar om dienste te kry en om mense in die—hulle kerke en dinge te kry; maar wanneer dit neerkom op saamstem op die Woord, sal hulle wegdraai van Dit. Sien?

Jy kan dit nie doen nie. Bly by die Woord!

78 Nou, hierdie was 'n les vir hierdie jong profeet, dat ongeag van wat hy ookal probeer het om te wees, hy moet in sy roeping bly. O my, by het die—die God se orde aan mens geleer.

God se orde aan mens is om in sy plek te bly. God se orde aan vrouens is om ook in hulle plek te bly. Jy kan nie 'n man se plek neem nie. Hulle probeer om dit te doen, maar moet dit nie doen nie. Mans, moenie die vrou se plek neem nie, moenie aantrek soos vrouens nie. En vrouens moenie aantrek soos mans nie. Die Bybel sê dis verkeerd om dit te doen. Die Bybel sê, "'n Vrou wat 'n kledingstuk aantrek wat hoort by 'n man, is vuilheid voor God, 'n afskuwelikheid." Sien? Maar jy kan nou kwalik die een van die ander onderskei. Sien? Nou, hoe gaan jy dit doen, as om net uit te roep daarteen? Wel, wanneer jy dit dan doen . . .

79 Het julle hierdie hofbevel hierdie week hier in Indiana gesien? Wat 'n skande! Minder as vyftien jaar gelede hier in Port Fulton (ek dink sommige van die familie sit hier vanaand)—hier in Port Fulton, hulle het 'n dogtertjie van die skool af huis toe gestuur omdat sy 'n kortbroek skool toe gedra het. En om—hierdie week probeer hulle om te dagvaar en uit die skool te sit (en hulle het dit gedoen), 'n dogtertjie wat geweier het om kortbroek in die skool te dra. Wat's verkeerd met ons nasie? Ek het gedink hierdie was 'n land van vry; ek het gedink ons het 'n reg—godsdiens vryheid.

80 Hierdie vader het opgestaan en gesê, "Dis teen ons godsdienstige geloof vir ons kinders om kortbroek te dra, ons dogtertjie van sestien, sewentien jaar oud, om kortbroek te dra; dis teen ons godsdienstige geloof." En hulle die kind uit die skool ontslaan en verban.

81 Ek verstaan dat almal wat nie wil saamstem en kom in die—na die—die internasionale ooreenkoms van hierdie samekoms wat hulle probeer om te vorm, om te—en alle kerke saam te verenig, die federasie van kerke, dat almal wat nie wil inkom en verenig daarmee nie, gaan hulle vir hulle 'n klein provinsie maak; hulle gaan hulle Alaska toe stuur. Julle kan maar net sowel gereed maak vir koue weer, want dit lyk asof dit kom. So, wat 'n skande!

82 My lewenslange vriend, Jim Poole, sy seun staan hier vanaand. Ek wens sy pa wou net kom en wat sy seun gedoen het. En ons het vandag deur telefoongesprek gepraat, en hy het 'n opmerking gemaak omtrent, ek dink, 'n nuuskommentator of iemand, (ek onthou nie presies wie dit nou was nie), maar gesê, "Dit was gewoonlik so dat—dat die Amerikaanse mense eenkeer per week 'n bad geneem het en elke dag gebid het," en gesê; "nou neem hulle elke dag 'n bad en bid eenkeer per week." Ek glo ek sal eerder sonder die bad doen. Maar wys net hoe het ons geval. Wat het gebeur met hierdie nasie?

83 Omtrent vyf jaar gelede was ek in Ohio, en ek het diens gehad daar by die (wat is die naam van daardie plek waar ek dit gehad het daaroor?) [Iemand sê, "Chataqua"—Red.]—Chataqua. En ek het geluister na 'n nuusberig in die hotel, en dit het gesê, "Die blom van vryheid het vanmiddag gesterf in 'n hof hier in Ohio."

Die Amish mense, hulle glo nie daarin om hulle kinders na hierdie publieke skole toe te stuur nie. Hulle het hulle eie skole. En in hierdie sekere buurt waar hulle was, het hulle geen hoërskole gehad nie. Dis 'n wet in Ohio en Indiana (ek dink 'n nasionale wet) dat alle kinders moet skool toe gaan totdat hulle sestien is. En hierdie man het 'n paar kinders gehad, seun en meisie, wat nie sestien was nie; en hulle het geweier om hulle na die publieke skole toe te stuur waar hulle die sedes van Darwin leer (dat die mens afgestam het van 'n enkel sel, 'n bobbejaan is; dis al wat hy is, net 'n verhewe bobbejaan en . . .) En so, hulle het nie saamgestem daarmee nie, en hulle wou nie toelaat dat hulle kinders dit hoor nie.

En toe het die howe hulle ingetrek. En hierdie klein wysneus regter het vir die oue ou vader en moeder gesê, met sy erdepot haarsnit en oorjas aan, hy het gesê, "Meneer, hierdie staat van Ohio het 'n wet wat sê dat die kind skool moet bywoon totdat dit sestien is," en gesê; "jy weier om jou kinders te stuur. Wat antwoord jy?"

84 Hy het gesê, "Eerbare meneer; ek respekteer die wette van hierdie pragtige staat waarin ek 'n inboorling is." Hy het gesê, "Maar ons het jare gelede hierheen gekom, ons voorvaders, vir vryheid van godsdiens, en dis waarom ons hier is, vir vryheid van godsdiens. Ons godsdiens leer ons dat ons nie glo dat ons van diere kom om mens te wees nie, dat Ons glo dat ons geskape was in die beeld van God. Daarom, dis teen ons godsdienstige geloof

om ons kinders te stuur na 'n skool wat soiets leer. Daarom, ons het geen hoërskool hier vir ons kinders om te gaan nie. En dis nie omdat ons u nie respekteer nie; ons respekteer wat u glo; maar vir ons, ons glo dit nie, en ons wil dit nie aan ons kinders laat leer nie."

Hy het gesê, "Jy sal óf jou kinders skool toe stuur óf jy en jou vrou sal twee jaar in die staat gevangenis deurbring." Gesê, "Wat's jou besluit?"

Hy het gesê, "Moeder en ek sal die twee jaar deurbring." En hulle het omgedraai en begin uitstap.

Die ou regter moes 'n bietjie veroordeeld gevoel het, so hy het gesê, "Onthou, sê jou Bybel nie, 'Gee die Keiser wat die Keiser toekom nie'?"

En die vader het omgedraai, en hy het gesê, "En aan God . . .?"

Die man op die nuus het gesê, "Wel, dan is die vryheid . . . "

En die regter het gesê, "Ek vonnis jou tot twee jaar."

Hy het gesê, "Dan is die vryheid—die blom van vryheid het gesterf in daardie hofsaal vanmiddag."

85 In ieder geval, die Dunkards—of die Amish, liewer, maak nie saak hoe eienaardig hulle is nie, hulle glo in heilig lewe. En daar's nie een geval êrens in die Verenigde State van waar hulle ooit enige kindermisdadigheid gehad het nie. Nie een persoon, een kind, van hulle geloof was ooit 'n kindermisdadiger nie. Laat hulle so eienaardig wees as hulle wil; hulle is reg grootgemaak. Ek neem hulle nie kwalik nie.

86 Maar luister, die blom het toe net daar gesterf, maar binne omtrent tien minute het dit weer herlewe. Die aanklaer prokureur, almal van hulle, het hulle boeke teruggestoot, en gesê, "Dan bedank ons van ons werk, want as jy daardie Konstitusionele reg breek, sal hulle die res daarvan breek."

87 Het julle nou die dag opgelet toe daardie wyse ou Metodiste Biskop, wat hy gesê het omtrent daardie—daardie gebed gesê het in—in kerk—in skool? Dit was nie die Metodiste Kerk nie. Daardie Biskop was wys genoeg om dit te weet. Dit was 'n ander groep wat wou sien hoe ver hulle kon gaan om 'n sekere gebed te forseer in—in skool. As hulle daarmee kon slaag, sou hulle die ander kon laat deurgaan net so gou as hulle kon. Hulle probeer elke uitweg wat hulle kan. Moenie bekommer nie, hulle sal dit kry.

88 O! Ons wil die kruis hê. Ons wil Christus nou hê terwyl ons kan! Moenie beïnvloed word deur die mens wat miskien 'n—beter sop kan afstuur nie. Moenie beïnvloed word deur mens wat jou 'n beter masjien sal gee om in te ry, of 'n beter huis om in te woon nie, en jou geboorteregte tot Christus verkoop nie. Moet jy dit nie doen nie! Waak op wat jy doen. Volg altyd daardie een wie

beïnvloed en gerugsteun is deur God, wat jy weet wat—God met hulle is. Moenie verkeerde invloed volg nie. Ja! Nou goed.

Moenie probeer om iemand anders se plek te neem nie.

89 Die visioen by die tempel, hy het gesien op—op 'n troon vir God opgehef gesien, God wat opgehef was.

Nou sien julle, hierdie koning wat . . . Hy het 'n voorbeeld voor Jesaja gemaak, en Jesaja het gesien dat net toe daardie koning uit sy roeping getree het dat—God hom met melaatsheid getref het. Toe het Jesaja gedink, "Wat moet ek doen?" Ussia was dood, hy het swaar op sy arm geleun. En hy het gedink hy was weg; wat sou hy doen? Lewe self was bykans klaar vir hom. So wat het die jong profeet gedoen? Hy het sy weg na die tempel gemaak om te bid. Hy het by die altaar neergeval, en hy het uitgeroep.

90 Somtyds laat God die steunpilare van onder ons uitstamp. Somtyds laat Hy siekte ons tref. Hy laat teleurstellings, hartsere, ons tref. Somtyds doen Hy dit om jou te kry waar jy beïnvloed sal word deur die Evangelie. Wees wys genoeg om dit te ontvang. Moenie dom genoeg wees om daarvan weg te loop nie.

91 Let op, Jesaja het geweet dat hy iets anders moet kry. So wat het hy gedoen? Hy het na die tempel gegaan; hy het sy hande opgehef, en hy het uitgeroep na God. En hy het in 'n visioen gegaan. En soos hy in die visioen gegaan het, het hy God gesien, nie op 'n troon hier onder nie, maar opgelig, hoog op. O, my! Sy volgelinge het Hom gevolg en was opgeneem in die Hemele. En heen en weer deur die tempel, het hy Serafs sien vlieg. O, my!

Seraf en dit beteken "verbranders", beteken die woord *Seraf*. Wat dit langs die altaar is. Eintlik, die Serafs is die een wat die offerande ontvang, en die aanbidder reinig, en hom dan voorstel aan God, wat die Seraf doen. Nou, hierdie Seraf was engelagtige wesens, en hulle is die heel naastes aan God, reg by die altaar. En hulle ontvang die offerande. Dit toon die geregtigheid van God, dat sonde nie in Sy teenwoordigheid kan kom voordat daar voorsiening voor gemaak was nie. Sien? En hierdie *Serafs* . . .

92 Onthou julle in die Sewe Kerk Tydperke hoe hulle daardie Evangelies bewaak het, een aan elke kant? Onthou julle, ons het hulle teruggeneem na die tuin van Eden met 'n vlammende swaard daar staan? Hulle bewaak die altaar.

93 En Jesaja, daardie groot profeet, toe hy in die Gees gekom het, het hy eers vir God hoog op in die Hemele gesien sit, bokant enige aardse koning. Gesê, "Ek het die Koning gesien, die Here wat hoog sit en opgehef is (toe het hy die regte Koning gesien), en Sy volgelinge het Hom gevolg."

94 En hy het Serafs deur die gebou sien vlieg. Hulle het vlerke oor hulle aangesigte gehad, vlerke oor hulle voete, en hulle het met twee vlerke gevlieg. En hulle het uitgeroep, "Heilig,

heilig, heilig, Here God Almagtig. Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig!" Wat 'n—wat 'n musiek, wat 'n ritme!

Julle sê, "Hulle moes dit baie sagkens gesê het. Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig [Broer Branham boots na—Red.]"

95 Jesaja het gesê, "Wanneer hulle gepraat het, het die pilare van die gebou geskud onder hulle stem."

96 Hulle het nou nie net gesê, "Heilig, heilig, heilig [Broer Branham boots na—Red.]."

O, wat 'n stem. En gesê, "En die pilare het beweeg en geskud onder hulle stem." Hulle het geskree, daardie engelagtige wesens wat langs die sy van God gestaan het, geskree, "HEILIG, HEILIG, HEILIG IS DIE HERE GOD ALMAGTIG!" Wat 'n visioen! Sjoe! O, my!

97 Let weer op, Jesaja wat op Ussia se arm geleun het en hom sien sterf het onder die oordele van God; en toe hierdie heilige wesens gesien het wat langs die sy van God was, die Seraf wat uitgeroep het, "HEILIG, HEILIG, HEILIG, HERE GOD ALMAGTIG!" . . . En daardie heilige Engele het hulle aangesig bedek. Heilige Engele het heilige aangesigte bedek te midde van 'n heilige God, wie is ons dan? En nou . . .

98 O, julle Metodiste, en Baptiste, en Presbiteriane, en Pinkstermense, wie is ons?

Wanneer heilige Engele hulle heilige aangesigte onder 'n vlerk wegsteek om in die teenwoordigheid van God te staan, wanneer Engele, 'n wese wat eintlik bokant Engele is . . . Die Engele staan nie daar nie, net die Seraf. Hulle is bokant Engele. En God is so heilig dat hulle hul aangesig bedek in die teenwoordigheid van 'n heilige God. En die enigste ding wat hulle kon sê was, "HEILIG, HEILIG, HEILIG IS DIE HERE GOD ALMAGTIG!" Sjoe! 'n Spesiale bedekking vir hulle om in die teenwoordigheid van God te staan.

Watter soort bedekking het ons nodig? Hulle moes bedek wees.

99 Nou, ek wil hierdie nou hier sê: die Bloed van Jesus Christus is alom voldoende. Sien? Christus het nooit vir daardie Serafs gesterf nie. Nee, nee! Maar hulle was geskape wesens. Hy het nooit gesterf vir Engele nie; Hy het gesterf vir sondaars. Hy het nooit gesterf vir heilige mense nie; hy het gesterf vir onheiliges. En so lank as jy dink jy is heilig, het Hy jou niks goeds gedoen nie. Maar wanneer jy besef jy is niks nie, dan het Hy gesterf—het Hy vir jou gesterf. Sien? Wanneer jy besef dat jy niks is nie, dan is Hy die Een—was jy die een vir wie Hy gesterf het. God is alom heilig. Daar is niks aan Hom buiten heiligheid nie; dis al, reinheid.

100 Nou, laat ons oplet na hierdie vlerke vir 'n paar minute. Ons wind uit dat met twee vlerke het by sy aangesig mee bedek. My,

dink! Selfs heilige Engele het hulle heilige aangesigte bedek in die teenwoordigheid van 'n heilige God. En die enigste ding wat hulle kon sê was, "Heilig, heilig, heilig is die Here God Almagtig! Heilig, heilig, heilig Here God Almagtig!"

En ons word vertel dat hulle dag en nag uitgeroep het. Dis die eerste stap van God wat afkom. Dag en nag, sonder ophou. En julle dink dat ons 'n groot geraas maak. Wat dink julle van miijoene van daardie rondom die troon met 'n stem wat die tempel se pilare geskud het, wanneer slegs een van hulle uitgeroep het, "Heilig, heilig, heilig"? Julle weet, dis sy stem wat die tempel geskud het, toe miljoene van hulle uitgeroep het rondom die troon van God. "Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig! Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig!"

Met vlerke oor hulle aangesigte, vlerke oor hulle voete, met vlerke in eerbied, respek. O, my!

101 Nou is daar geen eerbied of respek vir enigiets wat praat oor heiligheid nie. Praat jy oor heiligheid, word jy 'n "holy roller" genoem. Daar's geen eerbied, geen respek vir óf God, Sy mense, óf Sy Woord nie. Nou, waar gaan hierdie klomp eindig?

102 Ek dink jy is reg, Ben. Jy het die spyker reg op die kop geslaan daardie keer, Seun.

Ja, dis omtrent reg. Waar sal hierdie oneerbiedige groep dan eindig? Waar sal hierdie oneerbiedige klomp eindig (dis so!), diegene wat hoegenaamd geen respek het vir God nie.

103 Julle weet, dit was altyd so as 'n vrou of 'n man gesê het hulle was 'n Christen, het mense dit respekteer; maar vandag kyk hulle net hoeveel hulle daarmee kan spot. Sien? Oneerbiedige groep! My!

Waarom? Weet julle wat? Hierdie is die rede. Hulle is nie bewus dat dit die Waarheid is nie. Hulle is nie bewus van God nie. Hulle onthou nie dat die Bybel sê, "Dat die Engele van God vergader is rondom diegene wat Hom vrees." Hulle kom nie net en besoek hulle nie; hulle—hulle plant hulle tente in. Amen! "Die Engele van God is vergader rondom hulle wat Sy Naam vrees." Hulle bly daar dag en nag.

Die ou nie-blanke broer het daardie lied gesing, *Die Engele Hou Gedurig Wag Oor My*. Gesê, "Heel dag, heel nag hou Engele gedurig 'n wag oor my." Dis reg. "Heel dag en heel nag, hou Engele gedurig wag oor my."

104 Jesus het gesê omtrent daardie kleintjies, gesê, "Pas op dat jy nie een van hulle te na kom nie, want hulle Engele aanskou gedurigdeur My Vader se aangesig wat in die Hemel is." Sien? Hulle is altyd rondom vergader, hou wag oor hulle. En hulle glo dit nie eens nie, ongoddelike mense. Ons gaan daarop in wat goddelikheid en ongoddelikheid is in die oggend, as die Here wil.

105 Nou let op, hulle glo dit nie eens nie. Hulle het alle ordentlikheid verloor, alle respek, alle eerbiedigheid, en gaan tog kerk toe. Die mees oneerbiedige klomp wat daar is, is hulle wat kerk toe gaan. Dis reg.

106 'n Ou dranksmokkelaar, drankstoker, wat die pad afkom, verbygaan, en half dronk, praat jy met hom oor die Here, sal hy staan en met jou praat.

Sommige van daardie mos-bedekte, sogenaamde gelowiges, kerk lidmate, sal in jou gesig lag, want hulle wil nie hê. . .?. . . Sekerlik! Hulle is oneerbiedig. Jy dink jy moet aan hulle klein kliek behoort of jy bly nie eens aan hulle kant van die pad nie. Sien? Dis die waarheid. Oneerbiedig.

107 Nou, hierdie Engele, wanneer hulle in God se teenwoordigheid is, was hulle. . .

Dit geglo. . . Dawid het gesê (julle onthou ons het hier 'n paar aande gelede gehad toe ek oor iets gepreek het), en hy het gesê—Dawid het gesê, "Ek plaas die Here altyddeur voor my, sodat ek nie sal wankel nie. Nogtans," het hy gesê, "wanneer ek dit dan doen, sal my vlees rus in hoop." Ja, meneer! "Omdat ek weet wat. . . Hy sal nie my siel in die hel oorlaat nie, ook nie Sy Heilige Een oorgee om verderwing te sien nie. Want die Here is altyddeur voor my."

108 Waar jy ookal gaan, plaas God. As 'n man kwaad word en jou vloek, plaas God tussen jou en hom. As 'n persoon jou 'n "holy roller" noem, plaas God tussen jou en hom. As die vrou kwaad word vir jou, plaas God. As die man kwaad word, plaas God. As die kinders jou ergerlik maak, plaas God. Sien? Wat jy ookal doen, plaas God. As pappa en mamma jou 'n bietjie slae gee en jou reghelp, plaas God. Onthou wat het God daaroor gesê? "Voed 'n kind op in die weg wat dit moet gaan." Sien? Onthou altyd, plaas God. Plaas God voor jou, en jy sal eerbied hê vir God en respek vir Hom. Dis reg.

109 Nou let op! Met twee vlerke het hy sy aangesig bedek en twee vlerke. . . Dit het eerbied beteken, eerbied voor God, gebuig—sy aangesig bedek.

Nou, ons—ons het nie enige vlerke om ons aangesig mee te bedek nie, ons buig ons hoof by Sy voete, buig ons hoofde en bid in eerbied, respek. Ja, meneer! Herken dit.

En twee vlerke het hy sy voete bedek. Sy voete. . . Bedek, sy voete—het nederigheid en respek verteenwoordig.

110 Soos Moses, Moses in die—die respek van God wat vir hom gesê het hy was op heilige grond, hy het sy skoene uitgetrek. Sien? Hy het iets aan sy voete gedoen.

Paulus in respek teenoor God, eerbiedig. . . Toe die Engel van die Here voor hom gekom het in daardie Pilaar van Vuur, het hy op die grond geval op sy gesig. Respek!

Johannes die Doper, hy het soveel respek gehad toe hy Jesus sien kom het, hy het gesê, "Ek is nie eens waardig om Sy voete aan te raak nie." Sien? Die voete, het respek getoon. Sien?

111 O! Wees bewus, hier is net een ding om bewus oor te wees: jou kleinheid. As jy êrens wil kom met God, maak jouself regtig klein.

Moenie jouself groot maak soos Ussia nie. Hy het daar ingekom, en hy—hy het gesê, "Ek sal dit in elk geval doen, of ek . . . Dis nie vir jou om my te vertel nie." Sien?

Hy moes homself nederig gemaak het. "Ja, Diensknegte van Christus, verskoon my." Hy sou nooit melaats geword het nie. Nee! "Ek weet dis u werk; God het u geroep. Dis u amp. Gaan u voort en doen dit, Menere. Ek is baie jammer." Teruggestaan het, sou daar 'n ander inskrywing in hierdie Boek gewees het.

Maar toe hy gekorrigeer was, het hy kwaad geword.

112 Jy kan mense korrigeer oor iets of hulle vertel van hulle verkeerde handeling, hulle sal die kerk verlaat. Hulle wil . . . gaan na iemand toe, vertel vir vrouens hulle behoort nie kort hare te dra nie, "Wel, ek sal êrens gaan waar hulle dit kan dra."

113 'n Dame het hier gegaan 'n rukkie gelede . . . Ek het my vrou gestuur. Ons was in 'n diens; sy het nie tyd gehad om haar hare te was nie, en sy . . . ek het haar gesê om na een van daardie skoonheids winkels toe te gaan en haar hare te laat was. Sy het soontoe gegaan, en daardie dame het nie eens geweet hoe om haar hare op te doen nie. Sy moes dit bo-op haar kop draai. "Kom nou," gesê, "ek het nog nooit enigiemand se hare gewas nie—met lang hare nie." Sy het niks daarvan af geweet nie. Ek weet nie. O, my! Sien?

114 Hulle weet nie waaroor Dit alles gaan nie. Waarom? Dis deur swak preekstoele waaronder hulle sit (presies!), die swak preekstoele wat nie die Waarheid wil praat nie. Hulle kompromitteer Daarmee. Sien? Beter . . . Dit sou beter gewees het as jy dit gehoor het . . . En jy sou met een van hulle praat, hulle sal opstaan, en opblaas, en sê, "Ek sal nooit weer na daardie 'holy roller' luister nie." Sien? Gaan voort, Ussia. Dis reg!

115 Melaatsheid, wel, ek sal enige tyd liewer melaatsheid hê as daardie soort van melaatsheid; wel, dis melaatsheid van die siel. Sien? Wanneer jy opgaan en uitbreek . . . Jy het net daar weer uitgebreek in melaatsheid—sonde, wat erger is as melaatsheid. Dis 'n melaatsheid van die siel.

116 Ussia het waarskynlik gegaan en ontslaap met sy vaders het die Bybel gesê. Wat beteken hy was gered, want hy het net iets verkeerds gedoen. Maar wanneer jy dit doen, en beter weet, dan breek jy uit in melaatsheid van die siel. En dan is daar geen manier om 'n melaatse se siel in te neem nie; julle weet dit.

So dan, maak julleself klein. Verneder jouself voor God . . .?. . . Moenie hoogmoedig raak en opgeblase word nie; deursoek die Skrifte en sien of dit so is.

117 Ek het iemand nie lank gelede nie vertel . . . Hulle het gesê, "Broer Branham, ek verstaan dat u 'Jesus Only' [Jesus Alleen—Vertaler] is?"

Ek het gesê, "U verstaan verkeerd." Sien? Ek het gesê, "Ek is nie 'Jesus Only' nie."

Gesê, "Wel, u doop in Jesus se Naam."

118 Ek het gesê, "Dit maak my nie 'Jesus Only' nie." Ek het gesê, 'Jesus Only' doktrine; hulle doop tot vernuwing. Ek glo nie daarin nie.

Ek glo nie dat sodra jy gedoop is in Jesus se Naam jy vergifnis vir jou siel-jou sondes kry nie; ek glo Petrus het gesê, 'Bely eers; draai om, jy het die doel gemis; gaan terug.'" Bely en wys dan aan die wêreld dat jy was—jy gedoop is. Ek glo dat . . .

Ek glo nie daarin dat om wedergebore te word is die doping van die Heilige Gees nie. Dit is nie die doping van die Heilige Gees nie; dis om wedergebore te word. Ons is wedergebore deur die Bloed. Bloedsel kom van die—ek bedoel, lewenssel kom van die Bloed. Jy word gedoop deur die Heilige Gees in die liggaam in, maar jy word gebore deur die Bloed. Absoluut. Jy is gebore deur die bloed van jou vader. Ek is wedergebore deur die Bloed van my Vader, en deur jou—ons Vader, Christus. Ja, meneer!

119 Maar jy sien, ons glo nie in daardie dinge nie. Omrede ons doop in die Naam van Jesus Christus, maak dit ons nie "Jesus Only" nie; gladnie. Nee, meneer!

120 Ja, meneer! Moses het homself verneder in die teenwoordigheid toe hy daardie stem van God gehoor voortkom het, gesê, "Trek uit jou skoene." Moses het afgebuk en sy skoene afgeruk. Sien? Dit is so.

121 Paulus, toe daardie Lig hom teen die grond gegooi het . . . Het hy gesê, "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Gesê, "Here, Wie is U?" Sien, reg af op die grond. "Wie is dit?"

Gesê, "Ek is Jesus (daardie Pilaar van Vuur)—Ek is Jesus. Dis moeilik vir jou om teen die prikkels te skop."

Gesê, "Here, wat moet ek doen?" Hy was gereed.

122 Johannes die Doper het Hom sien kom. Een van die grootste manne . . . Jesus het gesê daar was nog nooit 'n man uit 'n vrou gebore so groot soos Johannes nie. En toe Johannes Hom sien, het hy besef hy was so klein, hy het gesê, "Ek is nie waardig om Sy skoene uit te trek nie." Amen!

123 Let altyd op, 'n groot man verneder homself. Die pad op is af altyd. Maak jouself klein, en God sal jou verhoog. "Hy

wat homself verhoog, sal verlaag word, maar hy wat homself verneder sal verhoog word." O my, ek hou daarvan.

124 Maak jouself klein; wees altyd klein. Moenie die grootkop wees nie; wees die klein outjie. Sien? God is die enigste Een tussen ons wat groot is in elk geval. Dis so.

125 Jy wil nie sê nie, "Dis 'n heilige kerk, die heilige mense." O, nee! Dis 'n heilige God (dis reg) en 'n onheilige kerk en onheilige mense. Dis reg. Geen so ding as 'n heilige kerk nie; dis 'n heilige God in die Kerk. Dis nie 'n heilige mensdom nie; dis die Heilige Gees in die mense. Dan praat jy nie van die mense nie; jy praat van die Heilige Gees wat in die mense is.

Amen, amen! Dis die regte woord! Amen! Dit het reg getref; ek het daardie een gevoel! Ja, meneer! Hy het daarvan gehou; ek weet dit. Glorie! Ja, meneer! Nou goed.

126 Maak jouself klein. Hy het sy aangesig bedek met twee, eerbiedigheid. Hy het homself verneder deur sy voete te bedek.

Nou derdens, met twee het hy gevlieg. Hy het homself in aksie geplaas met twee van hulle. Hy was eerbiedig voor God. Hy was nederig voor God. Nie alleen dit nie, hy het nie net daar gesit nie, maar hy het homself in aksie geplaas. Praat van 'n Kerk. Amen! Homself in aksie geplaas. Wat hy ookal gehad het, hy was gereed om daarmee te gaan. Ja, meneer! Enigste ding wat hy kon sê was, "Heilig, heilig, heilig is die Here God Almagtig;" maar hy het homself daarmee in aksie geplaas. Dis reg! Hy het in aksie gekom.

Dis wat die kerk vanaand nodig het, is om eerstens eerbiedig te wees, volgende ding, wees nederig, kry dan jouself in aksie. Ja, meneer!

127 Hy het die profeet gewys . . . Toe Hy die profeet gewys het hoe Hy Sy diensknegte voorgestel het, hoe Hy dit gaan doen, wat het hierdie persoon gedoen, hierdie Engel? Hierdie profeet het gesien hoe sy stem die pilare in die tempel geskud het toe hy geskree het. "HEILIG, HEILIG, HEILIG, HERE GOD ALMAGTIG." En die gebou het geskud, en die . . . Hy het weer geskree, "HEILIG, HEILIG, HEILIG, HERE GOD ALMAGTIG," en die gebou het geskud.

128 Jesaja het gesê, "Wee my!" 'n Profeet, 'n gevindikeerde ["vindicated" onthef van alle twyfel—Vertaler] profeet, gebore as 'n profeet, die hoof profeet van die Bybel; en hy het gesê, "Wee my, want my oë het die heerlikheid van God aanskou." Kyk hoe daardie profeet homself verneder, 'n profeet, die man na wie die Woord van God gekom het. Maar toe hy 'n visoen in aksie gesien het, het hy gesê, "Wee my, want ek staan so naby dat ek die Here se Teenwoordigheid kan sien."

129 Ons moderne Amerikaanse mense kan dit sien, en wegstap, en lag daarvoor. Dis so.

130 Toe hy 'n visioen gemanifesteer sien, 'n gemanifesteerde visioen, (o God, wees genadig op hierdie sondige wêreld!)—'n gemanifesteerde visioen, het hy uitgeroep, "Wee my, want ek is 'n man van onrein lippe, en ek woon onder 'n volk van onrein lippe. Ek is heeltemal ongedaan, daar is niks goeds omtrent my nie."

131 Wel, jy sê, "Seën God, ek behoort aan die Presbiteriaan, Metodis, Baptis, Pinkstermense; ek hoef nie te sit en luister na sulke goed nie." Wat 'n verskil is dit nie, wat 'n verskil.

132 En julle onthou, hierdie profeet, geroep vanaf sy geboorte, en gevindikeerd, voorbestem tot sy bediening, en wat Waarheid gesoek het, en hy was met 'n koning gewees. Hy het die werke van God gemanifesteer gesien, maar toe 'n ope visioen kom, instede van hom te verhoog, het hy gesê, "Wee my, ek is heeltemal ongedaan. Ek is nou in vir dit, want my oë het die heerlikheid van God aanskou."

133 En ons kan die heerlikheid van God sien, en ons sal rondgaan en sê, "'n Klomp 'holy rollers', mense wat mal is." Geen wonder ons kom nêrens nie.

134 Onthou nou, ek het vir julle gesê wanneer ek hierheen kom om iets te sê, sal dit mense help. Ja, ons moet wees—Dit eerbiedig. Ons moet dit net elke bietjie respek gee wat ons kan, wanneer ons 'n ope visioen van God sien uitspreek, en weet dis die Waarheid.

135 "Wee my," het Jesaja gesê. "Ek is in 'n gebou hier vanaand (of vandag of wanneer dit ookal was), en ek het die heerlikheid van God gesien. Ek het 'n Engel gesien spreek, en ek het iets sien beweeg. En ek het opgekyk daarheen, en ek het God reg hier gemanifesteer gesien. Wee my, want ek is 'n man met onrein lippe, en ek woon onder 'n onreine volk."

136 Let op wat het gebeur. O, wat het hy gedoen? Hy het vir die—Jesaja die profeet gewys dat die mens eerbaar sal wees, eerbiedig sal wees in Sy teenwoordigheid. Eerbiedig, en nederig, en dan in aksie kom. Dis reg! Gaan oor in aksie.

137 Soos die vrou by die put, toe sy iets sien gebeur, broer, het sy twee vlerke gehad. Sy het baie vinnig saam met hulle weggekom. Sy het daar na Jakob se put gegaan om van daardie besmette water te kry waaroor hulle so gestry het; maar toe sy gedrink het uit daardie Fontein van Lewe, het sy baie vinnig in aksie gekom.

Sy het nie gesê nie, "Meneer, vertel my asseblief waar het jy jou geleerdheid gekry. Waar het jy hierdie dinge vandaan gekry? Hoe het jy dit geleer?" of, "Hoe het jy geweet dat ek vyf mans gehad het? Hoe het jy geweet wat was verkeerd met my? Hoe het jy geweet ek was 'n vrou van Samaria? Hoe het jy hierdie dinge geweet?"

Sy het nooit bevraagteken nie; Sy het gesê, "Meneer, ek onderskei dat U 'n Profeet is. Ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy ons al hierdie dinge sal vertel." O, my! Sy het dit deur

die Skrifte herken. En toe het sy gesê, "Ek weet dat wanneer die Messias kom, Hy ons hierdie dinge sal vertel."

Hy het gesê, "Ek is Hy."

138 Sy het in aksie gegaan. Reguit tot af in die stad het sy gegaan so vinnig as sy kon gaan; gesê, "Kom, sien 'n Man Wie my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie dié Messias nie!" Toe sy Waarheid gesien het, het sy nie die bal probeer hou nie, sy—maar sy het Dit beslis tog—tog—baie respek gegee. En sy het Dit beslis baie ondersteuning gegee, want sy het afgegaan in die dorp en gesê, "Julle, kom sien. As julle dit nie glo nie, kom, gaan saam met my." Glorie!

139 Ek voel soos 'n "holy roller" vanaand. Ja, meneer! My, as dit is soos jy voel as 'n "holy roller", laat my een wees. Ja, meneer!

Ek weet Hy's reg. Ek weet Hy's hier. Ek weet daardie selfde Messias, ek weet daardie selfde God, daardie selfde Christus, is reg hier in hierdie klein ou warm geboudjie vanaand. Ek kan dit aan julle bewys. Amen!

140 Kyk na daardie Engel van die Here wat in die hoek staan reg oor 'n man wat hier sit. Sy naam is . . . Hy is 'n prediker. Mnr. Witt. Hy is van bo in Virginia (reg!) ly aan 'n senuwee ineenstorting. As jy glo met jou hele hart, kan jy huis toe gaan en gesond word. Glo u dit, meneer? Nou goed, gaan huis toe en word gesond; jou senuwee ineenstorting is verby.

141 . . .?. . . wat reg daar sit; sy naam is Morriah. Hy kom van Illinois. Hy het 'n rektale probleem. As u dit sal glo, meneer . . . Glo u dit? Ek is 'n vreemdeling vir u. Glo u dit? Sy sal jou verlaat. Halleluja!

Toe die kool van vuur die profeet aangeraak het,
En hom so rein gemaak het as rein kon wees;
Toe die Stem van God gesê het, "Wie sal vir Ons gaan?"
Toe antwoord hy, "Hier is ek; stuur my!"

142 Ongeag wat die vervolging is, ongeag wat die kruis is, "Stuur my, Here; hier is ek!" Ongeag hoeveel wys jou af, hoeveel *hierdie, daardie,* of *die ander,* "Stuur my!"

143 Hy's daardie selfde Messias. Hy's reg hier nou. Ek sien Hom weer. Amen! Wat is dit?

144 Daardie vrou het in aksie gegaan. Sy het daardie vlerk gekry en begin om te vlieg. Sy het baie gou in aksie gekom.

145 Toe die apostel Petrus, toe hy God by Sy Woord geneem het eendag uit op die see . . . Hy het die hele nag visgevang en het niks geneem nie. En Jesus het na hom gekom; Hy het gesê, "Gooi jou net aan die ander kant van die boot."

146 Hy het gesê, "Here, ek's 'n visserman; ek weet wanneer hulle byt en wanneer hulle nie. Ek weet waar hulle is en waar hulle

nie is nie. Maar ek het die hele nag visgevang en het nie eers 'n witvissie gevang nie. Nou, as U sê gooi daar. . . Ek weet daar's geen vis daar nie, maar op U Woord, Here, gaan ek die net uitlê." Wat het hy gedoen? Hy het in aksie gegaan. Amen!

147 Daar's 'n poel vol water hier. As jy nog nooit gedoop is in Jesus se Naam nie, is dit tyd om in aksie te kom. As jy net 'n kerklidmaat is en God nie ken deur die doping van die Heilige Gees nie, is dit tyd om in aksie te kom. Reg? Bedek jou aangesig in eerbied. Bedek jou voete in nederigheid, en buig jou knieë en gaan in aksie. As jy God nie ken nie, kom in aksie.

148 Toe die blinde man wat nie kon sien nie, toe Jesus met hom spreek, en op 'n bietjie modder spoeg, en dit in sy oë sit, en hom genees het—genees. Toe hy dit gedoen het, het hy in aksie gegaan. Hy het Sy faam versprei. Hy het nie die bal probeer hou nie; maar broeder, hy het Sy faam versprei dwarsdeur die landstreke rondom. Wat het hy gedoen? Hy het in aksie gekom. Eenmaal was 'n blinde man genees en het gesê. . .

"Daardie Man is 'n sondaar. Jy ken hom nie eers nie!"

149 Hy het gesê; "Of Hy nou 'n sondaar is of nie, dit weet ek nie; maar hierdie een ding weet ek, waar ek eenmaal blind was, kan ek nou sien." Wat het hy gedoen? Hy het in aksie gegaan.

150 Dis wat die kerk nodig het. Kom in aksie! Ons het té veel vorm, ons het té veel wêreld waardigheid; ons het nodig om in aksie te kom. Amen!

Hy het Sy faam wêreldwyd versprei.

151 Die mense by Pinkster, hulle het nie veel geweet nie. Hulle kon nie hulle eie name teken nie, sommige van hulle. Hulle was bevrees. Hulle het in die bo-kamer gekom. Maar wat het hulle eendag gedoen? Hulle het opgegaan daar in gehoorsaamheid tot Sy Woord. Hulle het Sy Woord geneem. O, as die mense vandag net Sy Woord wil neem, dan sal hulle in aksie kom. "Bly julle in die stad van Jerusalem." Lukas 24:49.

"Julle sal die Heilige Gees ontvang nadat die belofte—nadat die Heilige Gees op julle gekom het; dan sal julle getuienisse vir My wees." Handelinge 1:8.

152 Lukas 24:49 het gesê, "Kyk, ek stuur die belofte van die Vader op julle: maar wag in die stad van Jerusalem totdat julle aangedoen word met krag uit die hoogte."

Hoe lank? Een uur, twee uur, tien dae, vier maande, ses maande, het geen verskil gemaak nie. Totdat! Hoe lank is dit? Net totdat. Wanneer jy vir God vra vir enigiets, hou daaraan vas totdat. Amen! Hou vas totdat. Totdat wat? Totdat dit gebeur. Eis dit! Glo dit! Hou vas daaraan! Gaan oor tot aksie! Getuig daarvan! Getuig! Moenie bevrees wees nie. Gaan oor in aksie!

153 Hulle was in die bo-kamer wat? God geprys en geseën. Waarvoor? Die belofte; hulle het geweet dit moes gebeur. Daar

het jy dit; gaan oor in aksie. Gaan oor om God te prys totdat die Belofte vervul is. Jy het die belofte.

154 As jy glo God genees, bly in aksie. As jy glo Hy gaan jou nou uitroep, en jy hou vas aan Hom, bly in aksie. Amen! Bly in aksie! Jy het twee vlerke, so gebruik hulle. Bly in aksie! Wuif hulle heen en weer. "Here, ek glo; Here, ek glo." Jy kan nie net skree, "Heilig, heilig, heilig" nie; jy moet sê, "Here, ek glo!" Bly in aksie! Amen!

155 Hulle het in aksie gebly totdat daar 'n geluid van die Hemel gekom het soos 'n ruisende magtige wind. Toe was daar regtig 'n aksie. Toe gaan hulle in aksie.

156 Broer, Suster, wat ons in hierdie laaste dae sien gebeur het behoort ons in aksie te plaas. Amen! Ons behoort in aksie te wees. Dis presies reg.

Ons het rondgesit asof dit iets...En wel, mense het rondgesit, Pinkstermense; die Here doen iets; hulle sê, "Hm! Dis nogal goed." O, my! Lyk nie veel soos 'n Seraf wat naby aan God lewe nie. Dis so. 'n Boodskapper, wat selfs nader aan God is. Jy word Sy kind daar anderkant die koper altaar.

157 Die Seraf is by die koper altaar. Maar jy as die seun of dogter gaan reg binne-in die teenwoordigheid van God. Jy hoef nie deur 'n priester te gaan en al hierdie dinge nie. Hy is jou Priester. Sien? Reg daar in Sy teenwoordigheid as seuns en dogters. Broer, ek glo ons het meer as vlerke. Amen! Ons het die Heilige Gees! Dis reg.

158 Maar ons behoort in aksie te wees met eerbied en nederigheid, nie in aksie om iets op iemand te probeer afsmeer nie, maar met soveel eerbied en nederigheid dat ons in aksie kan gaan en sê, "Wee ons, ons het die Teenwoordigheid van die Almagtige gesien. Ons het visioene sien gebeur, net wat Hy gesê het. 'Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na My Vader.'"

159 Ons het meer sien gebeur as wat ooit geskrywe is in...Wel, ons het meer sien gebeur in een diens met daardie dinge as wat in die Bybel geskrywe is. Dis reg. Meer in een diens as wat geskrywe was in die 33 jaar van Sy lewe. Dis reg. Dink daaraan. Ons het dit gesien met ons oë. Ons het dit sien gebeur. Ons het dit vooruit vertel gesien, dit sien gebeur, dit dopgehou. Verlamdes, blindes, kreupeles, verdordes, dinge vooruit vertel wat presies so gebeur het. Nooit gefaal nie. Broer, dit behoort ons in aksie te plaas met nederigheid en eerbied.

160 Van so ver terug in die Bybelse tyd toe die Pilaar van Vuur oor Israel gehang het, en Dit vlees geword het en onder ons kom woon het...."Ek kom van God en keer terug tot God."

Paulus het Dit gesien en op sy aangesig geval. 'n Groot leraar soos Paulus, geleer was onder Gamaliël, het in die stof gekruip en uitgeroep, "Here, Here, Wie is U? Ek's gereed om te gaan." 'n Groot man, wat hy was, 'n geleerde; en hy het homself verneder, want hy het die Pilaar van Vuur gesien. Nie alleenlik sien ons

Dit met ons oë beweeg tussen ons nie, maar ons het Dit selfs in wetenskap. Dit behoort ons in aksie te plaas.

161 Ons sien Dit dieselfde dinge doen as wat Dit toé gedoen het. Dit doen dit selfs vandag nog. Die belofte van die Vader. My, wat is dit? Dit kom om die Woord te vindikeer, om te bewys die Woord is so. Dit behoort die Kerk in aksie te plaas, dink julle nie so nie?

162 Met twee het hy sy aangesig in eerbied bedek. Twee het hy sy voete bedek, nederigheid. En met twee het hy aan die werk gespring. Weg het hy gegaan, dit in aksie geplaas.

163 Nou, ons behoort in aksie te wees in respek teenoor die Woord. Ons behoort mense te vertel.

164 Tekens van Sy koms wat verskyn, oral sien ons dit uitkom in die Woord. Ons hoor die Heilige Gees kom vertel ons dinge wat op die punt staan om te gebeur.

165 Nie meer as twintig jaar gelede nie vanaf hierdie selfde gebou, het Dit vertel van President Kennedy wat gaan inkom. Dit het presies vertel wat gaan gebeur, dat die vrouens en so meer hierdie persoon in gaan plaas, en presies wat hy sou wees. En ons het dit al die tyd geweet, en het net presies vertel wat sou gebeur. En hier is dit vandag. En hier is daardie konferensie wat opkom, die Federasie van Kerk en almal wat saamkom. Waarom plaas dit ons nie in aksie nie? Dis reg. Ja-a!

166 Woord vir woord soos Hy gespreek het, is dit reg by ons vervul. Dit behoort ons in aksie te plaas.

167 Soos die profeet, ons het die uiteinde gesien of die aan—aankoms van die wegneming, die ontkenning, verheffing van die denominasies, verloor hulle plekke.

168 Soos Jesaja daar gestaan het, hy was 'n—'n denominasie man om mee te begin. Hy het op die koning geleun, omdat hy 'n goeie man was. Maar hy het gesien wat selfverheffing aan hom gedoen het. Dit het hom vir altyd onthef.

En ons het gesien wat selfverheffing van denominasie aan die kerk gedoen het. Dit het die sogenaamde denominasie kerk vir altyd uit die ring geneem. Vertel my wanneer een ooit opgestaan het nadat dit geval het. Waar staan dit? Kyk terug deur die geskiedenis en sien enige kerk wat ooit geval het. Sodra dit georganiseer het, het dit geval, en dit het nooit weer teruggekom nie.

169 Ussia het nooit weer teruggekeer tot die—tot die tempel nie. Hy was 'n melaatse vir die res van sy dae en was begrawe as 'n melaatse. Ja, meneer! Nou, die profeet het gesien wat dit gedoen het. Hy het gesien dat—wat daardie verheffing gedoen het.

"Wel, ons is. . ." of, "Byna elke. . .Niemand kan in ons denominasies kom nie behalwe as dit 'n—'n toets neem voor die psigiater om te sien of sy I.K. reg is of nie. Hy moet 'n D.D.D., Ph.D. hê voordat hy selfs kan kom na—met ons kan praat. Ons

rade sal hom nie aanvaar as hy dit nie het nie." O, my! "Die beste . . . beste groep in die land kom na . . . Kyk na die motors wat rondom ons plekke staan; hulle is Cadillacs, en Rickenbackers, en so aan."

170 Ons het daardie ding sien sterf. Ons het dit dood gesien, en die hele ding het vol geword van—van toegerekende—sere—verotte sere, liewer, soos die Bybel dit noem. Dis alles sere altesaam. Dit stink. Dis reg. (Geestelik gesproke sê ek dit. Sien?)

171 Ons sien hulle hul houvas verloor op—greep op die Woord van God en leerstellings verhef. Wat sien ons dit doen? Getref met melaatsheid, ongeloof. Ha! My, o my!

Soos Ussia probeer het om die plek te neem van sy gesalfde—van gesalfde amp nadat hy getref was, en hy uitgevind het hy het dit gefaal.

En ons sien hierdie kerke probeer om die plek te neem van die gesalfde amp om die Woord van God te preek en daarmee gestrengel raak. Hulle weet nie wat om te doen nie. Plaas die Woord voor hulle, hulle weet nie wat om te doen nie. Dis verskriklik. "Ons glo dit was vir 'n ander dag." Wat is dit? Hulle is verward. Hoe kan jy die amp van God se gesalfde dra en Sy gesalfde Woord ontken wat Hy self in Woordvorm is? Hoe kan jy ontken die Woord is reg en dan nogtans sê dat jy gesalf is met die Gees?

172 Die enigste ding wat die Woord van God sal manifesteer is die Heilige Gees Self. "Wanneer Hy die Heilige Gees sal kom, sal Hy hierdie dinge van My neem en aan julle toon." Dis reg.

Hoe kan jy die plek neem van 'n gesalfde amp en behoort aan 'n leerstelling of denominasie? Hulle is dood! Die ding om te doen is val neer en roep uit, "Here God, ek's 'n man van onrein lippe." Ja, meneer!

173 Daardie denominasies probeer om die plek van die heilige kerk te neem. "Ons glo in God die Vader, Almagtig, Skepper van Hemele en aarde, en Jesus Christus Sy Seun. Ons glo in die heilige Romeinse Katolieke Kerk," en al hierdie verskillende dinge. "Ons glo in gemeenskap van heiliges."

174 Ek glo in die gemeenskap van Christus. Ja, meneer! Ek glo heiliges is in heerlikheid, sekerlik. En ek glo ons het een Middelaar tussen God en mens. Ja, meneer! Druk daardie goed . . . Hier, die Bybel weerspreek dit.

Hulle sê, "Wel, dis die Bybel."

Dis God! Die Woord was God, en die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon. Nou, die Woord is in ons vlees, manifesteer Ditself, gesalf deur die Heilige Gees. Tyd om in aksie te gaan. Dis reg.

175 Die uitwerking van die visioen op die profeet (o, my!) het hom gemaak bely dat hy 'n sondaar was (gesalfde profeet). Hy

het gesê, "Ek's 'n man van onrein lippe, ek's verkeerd. Ek het verkeerd gehandel. Ek's onrein myself." Hy was 'n sondaar. Hy het sy sondes bely. Ja, meneer! Veroorsaak vir 'n profeet van God om te bely dat hy 'n sondaar was; dis wat die visioen gedoen het.

Sommige D.D.D., Ph.D. sal lag daarvoor. Veronderstel om 'n soort opperpriester van 'n sekere kerk te wees.

176 Het julle gehoor wat die Kardinaal in daardie nuusbulletin gesê het vandag? Hy het gesê, "Daar is sommige wat leer dat die wederkoms van die Here binnekort kom." Hy sê, "Maar natuurlik, ons sal ontslae moet raak van daardie klomp. Ons wil wêreldgeloof verenig." Net presies.

177 Julle mense, julle moet nou nie aan die slaap raak nie. Die ding is nader as wat julle dink. Hierdie persoon is net omtrent daardie een wat nie vir Josef ken nie, julle weet. Kyk, kom net so skelm in as wat dit kan wees. Hulle het die houvas net hier in daardie laaste plek, waar hulle 'n beeld daaraan sal vorm deur die Konfederasie van Kerk te neem, en dit maak spreek net soos die dier gedoen het, en dit krag gee om al die goddelike mense te vervolg, en sal die tye en wette van God verander. Net presies wat dit gesê het.

Ons sal later daarby kom; dis te laat vanaand, maar ons sal—julle ken dit in elk geval. Ja, meneer!

Dit het hom laat—veroorsaak dat hy homself bely het as 'n sondaar.

178 . . .?. . . Wel, as dit 'n sogenaamde was vandag, sou hulle gesê het, "Wel, ek's Doktor *So-en-so*."

Ek het 'n biskop hoor sê, "Wanneer ek in die hemel kom, weet jy wat ek gaan doen?" Gesê, "Ek gaan na—na Jesus toe en sê, 'Weet U wie ek is? Ek's Biskop *So-en-so*.'" Hy het gesê, "Ja, ek my ma gehoor praat van jou." Gesê, "'n Mensdom wat die Bybel glo is soos sukkel deur modderwater; jy weet nie waar jy heengaan nie." Moet jy nie dit dink nie.

179 Hy is my Gids. (Ek preek môre-aand daaroor.) Ja, meneer! Hy sal jou deur al die modderwaters lei wat daar is om deur te gaan, al die gevaarlike sandbanke, en al die hoë plekke, en lae plekke, waar dit ookal is.

Hy sal my lei oor die doodsrivier. Amen! O, ja, meneer! Hy sal lei. "Wanneer die dood kom sal ek geen onheil vrees nie want U is met my. Ja, al gaan ek deur die vallei van die skadu van die dood, sal ek geen onheil vrees nie; U is daar."

180 "As ek my bed in die hel maak," het Dawid gesê, "daar is Hy." "O, as ek die vlerke van die oggend neem, wegvlieg, daar is Hy. Hy's altyddeur voor my, so ek sal nie wankel nie." Amen! O, my! Neem daardie vlerke en gaan nou in aksie. Ja, meneer!

181 Hierdie profeet het ook baie gou in aksie gegaan; hy het op sy knieë gegaan. En hy het gesê, "Ek's 'n man van onrein lippe."

Toe die oomblik wat hy bely het, toe kom die reiniging. Jy moet eers bely.

182 Ek wil hê julle moet oplet, toe hierdie profeet . . . Dink daaraan, 'n—nie . . . 'n Man wat met die federale regering gestaan het, 'n gevindikeerde profeet, en die oomblik wat hy daardie eerste visioen gesien het . . . Hy het nooit visioene vantevore gesien nie; hy sou andersins. Hy het die leiding van God gevoel en het volgens die Woord gegaan. Maar hierdie keer was 'n ope visioen, en hy het geskree, "Ek is 'n man van onrein lippe en ek—al hierdie mense is onrein. Wee my, want ek sien die heerlikheid van God gemanifesteer."

En ons kyk maar net daarna. Ons behoort weg te vlieg. Sien, sien?

183 "Ek is 'n man van onrein lippe." Hy het afgegaan na die altaar, en hy het gesê, "Ek is 'n man van onrein lippe, Here. Wat kan ek doen, wat kan ek doen, want ek het U net hier gemanifisteer gesien? Ek sien 'n Engel skud die ding. Ek het hom gesien praat, en iets het daar anderkant beweeg." Amen!

Ek hoop nie julle is aan die slaap nie. O, my! Spreek en iets het gebeur. Glorie! Wat het gebeur?

184 Toe vind ons uit hy het sy sondes bely, en net toe hy dit gedoen het, het hierdie groot stem wat gespreek het neergevlieg, sy hand geneem, die tang geneem, 'n kool opgetel, dit op sy hand geplaas, op Jesaja se lippe kom neerlê, en hom gereinig.

185 Let op, hy het hom nooit gestuur om 'n Ph.D. graad te gaan kry nie. Hy het hom nooit 'n boek van reëls gegee om te leer nie; maar Hy—God het vir die profeet gewys dat Sy reinigingskrag van vuur van die altaar was. Amen!

God se reinigingskrag vandag is nie om 'n leerstelling op te sê of by 'n kerk aan te sluit nie; dis die krag van die Heilige Gees en vuur wat afkom en 'n man van al sy ongeloof reining. Amen!

186 God se manier van om 'n profeet te reinig is deur vuur, nie deur leerstelling nie. Wat sou 'n profeet van 'n leerstelling weet? Hy sal deur God gebruik word. Die Woord sou deur hom manifesteer word, so Hy kon hom nie 'n leerstelling gee nie. Hy sou aan daardie leerstelling vashou. So Hy het die vuur van die altaar afgeneem en die profeet gereinig.

187 Eers belydenis, dan reiniging deur die vuur. Ere aan God! O, let op! Belydenis, eerstens, reiniging, tweedens, opdrag, derdens. Amen! Daar het jy dit. Eers belydenis, "Ek is verkeerd!" Tweedens, reiniging. Regverdigmaking, Heiligmaking, en die Doping van die Heilige Gees. Sien? Belydenis, reiniging, opdrag. "Gaan julle in die hele wêreld in en preek die Evangelie. Hierdie tekens sal hulle volg wat glo." Amen!

188 Na belydenis kom reiniging. Na reiniging kom opdrag. Preek die Evangelie, genees die siekes. Maak nie saak wat mense gesê het nie hy . . .

189 Uiteindelik het daardie dierbare klein profeet gesterf onder vervolging deur in stukke gesaag te word met 'n saag.

190 Onthou, dit was toe Jesaja sy belydenis dat hy verkeerd was gemaak het. Hy was heeltemal verkeerd; hy het op sy leerstelling geleun (sien?) geleun op die—die man, 'n mensgemaakte saak. Hy het 'n koning gesien wat 'n groot man was; hy was 'n godsdienstige man. Maar hy het gesien dat alle mense sal faal. Sien? Maar toe hy dit verander het, en hiernatoe opgekyk het, en 'n visioen gesien het Wie God was, toe het hy gesê, "Ek wil bely dat ek verkeerd is. Daardie ou leerstellings sal nie meer werk nie, want hulle is reeds dood en het gefaal. (Sien?) Hulle is met melaatsheid getref, maar ek het die heerlikheid van God manifesteer gesien."

'n Leerstelling kan dit nie manifesteer nie. 'n Leerstelling kan dit nie daardie manier sê nie. 'n Leerstelling kan dit nie daardie manier doen nie. Dit neem Christus om dit daardie manier te doen.

Sodra hy dit gesien het, het hy gesê, "Nou, ek was heeltemal verkeerd, Here." En toe kom die reiniging; toe kom die opdrag. O, my!

191 Dit was toe dat die gereinigde Jesaja . . . Toe God geroep het, "Wie sal vir My gaan?"

En dit was Jesaja wat gesê het, "Here, hier is ek; stuur my!" Die gereinigde profeet.

192 O, sien julle nie *Invloed* nie? Moenie die invloed van Marthela neem nie. (Ek hoop nie dis 'n naam hierbinne nie.) Moenie die name neem van—van—die invloed van 'n meisietjie wat saam met jou hoërskool toe gaan nie, of gewone skool, of die buurvrou wat haar hare sny en kortbroeke dra nie; moenie daardie invloed neem nie. Moenie die invloed neem van 'n leerstellige pastoor wat die Woord van God sal ontken en jou 'n leerstelling gee nie; moenie daardie invloed neem nie.

Maar staan daar totdat jy die heerlikheid van God sien val, iets sien beweeg deur die effek daarvan, en dit sien gebeur net soos wat God gesê het. Roep dan uit, "Wee my, Here; ek was verkeerd. Reinig my nou, Here. Reinig my! Gees van die Lewende God val vars op my."

Toe die kool van vuur die profeet aangeraak het,
En hom so rein gemaak het as rein kon wees;
Toe die stem van God gesê het, "Wie sal vir ons gaan?"
Toe antwoord hy, "Meester, hier is ek; stuur my!"

Hy was gereed. Hy het iets gesien. Ja, meneer!

Miljoene nou in sonde en skande is sterwend;
Luister na hul treurige en bitter kreet.
Haas, broer, haas jou tot hul redding;
Antwoord gou-gou, "Meester, hier is ek!"

193 Iets moet gedoen word. Dis later as wat ons dink dit is. Mag the visioen van God die mense so beïnvloed, dat hulle mag sien dat dieselfde God wat in die tempel met Jesaja was is dieselfde God in Sy heilige plek vandag is. Hy is in die heilige plek van die Heilige Gees. Hy is die Heilige Gees. Hy was eenmaal vlees; nou is Hy Gees wat tussen Sy mense beweeg, wat Homself lewendig vertoon, nie 'n dooie leerstelling nie, maar 'n lewendige Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. O, Jesaja, antwoord gou, "Meester, hier; stuur my."

194 Laat ons bid. Met ons hoofde gebuig . . .

Toe die kool van vuur die profeet aangeraak het,
En hom so rein gemaak het as rein kon wees;
Toe die stem van God gesê het, "Wie sal vir Ons gaan?"
Toe antwoord hy, "Hier is ek; stuur my!"

Saam:

Spreek, my Heer; Spreek, my Heer.
Spreek, en ek sal gou wees om U antwoord te gee.
Spreek, my Heer; Spreek, my Heer.
Spreek, en ek sal antwoord, "Heer stuur my!"

195 Nou, dit mag jou bure wees; dit mag die vrou wees saam met wie jy werk, die man saam met wie jy werk, maar daar's . . .

Miljoene nou in sonde en skande is sterwend,
in leerstellings en denominasies;
O, luister na hul treurige en bitter kreet.
Haas, broer, haas jou tot hul redding;
Antwoord gou-gou, "Meester, hier is ek!"

Spreek, my Heer; Spreek, my Heer.

Ek het 'n visioen van die Here gesien; ek het dit sien gebeur.

Spreek, en ek sal gou wees om te antwoord . . .

Hy het nou alreeds gespreek.

Spreek, my Heer; Spreek my Heer.
Spreek, en ek sal antwoord, "Heer, stuur my!"

196 Nou, met julle hoofde gebuig, ek wonder vanaand, soos ek julle vertel het toe ek afgekom het, ek het probeer iets studeer wat ek dink vir julle sal help.

Julle het daardie profeet gesien; hy was 'n groot man. Hy was gebore vir die doel om 'n profeet te wees. Hy het uitgevind dat

hy die verkeerde pad geneem het; hy het geleun op die arm van Ussia, 'n koning. Hy het gesien jy kan nie op die arms van die vlees leun nie. Dis verganklik. Dis verkeerd. Maar kyk hoog en sien God hoog op Sy troon sit. Kyk op daar na Jesus; Hy het gesê, "Ek is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Laat Hom jou optel in die Gees. Kyk of Hy nie dieselfde is gister . . .

197 Toe daardie klein Jesaja gesien het God se visioen beweeg af en in daardie tempel in, was hy gereed om sy verkeerde dade te bely. Hy was gereed om te bely dat hy niks reg gedoen het nie. En het hy toé na die nasie gevlieg; het hy toé alles gedoen wat reg was. Alles wat hy kon doen, totdat hy finaal sy getuienis geseël het met sy bloed.

198 Ek dink dit sou die gevoel gewees het van almal van ons. Hoeveel voel dat jy graag sou wou sê—God hoor sê—dat jy sou hou—jy vir God sou sê, "Hier is ek; stuur my!" Lig op julle hande.

"Hier is ek, laat my getuig aan die melkman. Laat my getuig aan—aan enigeen wat ek kan, iets doen. Laat my iets doen. Here, ek is 'n nie—vra om 'n prediker te wees nie. Ek vra nie om dit te wees nie, maar, Here, as ek 'n plaasboer is, maak my 'n plaasboer wat kan getuig aan die boer langsaan. Laat my 'n plaasboer wees dat wanneer ek my graan verkoop, ek aan die graan operateur kan getuig. Laat my 'n plaasboer wees. As ek 'n—as ek 'n vrou, is laat my aan die versekeringsman getuig. Laat my aan die melkman getuig, aan die koerantman. Laat my iets doen, Here. Laat my in die buurt ingaan en guns vind met my suster hier langsaan wie euwel en verkeerd is. Laat my haar 'n getuienis gee met soetheid. Laat ek my gesig bedek met my vlerke van nederigheid; laat ek my voete op dieselfde manier bedek. Laat my eerbiedig in U Teenwoordigheid wees, maar stuur my met twee meer vlerke, Here, vinnig na iemand. 'Hier is ek; stuur my, stuur my!'"

199 In hierdie respek laat ons almal dan staan en onsself 'n toewydingsdiens aan God maak.

Die Almagtige is hier. Glo julle dit? Ons is in Sy Goddelike Teenwoordigheid. Moet dit nou nie vergeet nie. Sy Teenwoordigheid is reg hier net soos dit was . . . Om die waarheid te sê, sedert ek hier kom staan het, het ek vier of vyf visioene alreeds gesien gebeur. Dis so. Dis so. Daar's meer as twee of drie mense wat aan hierdie kerk behoort wat niks gesê het nie; maar Dit is hier in elk geval. Nou goed.

Nou, wat ons wil doen, elkeen van julle op julle eie manier, laat ons onsself aan God toewy.

Ons sien die teken verskyn van Sy heerlike koms;
En voorwaar, die vyeblare begin nou groen te word.

Die Evangelie van die Koninkryk het gegaan
na elke nasie,
En ons is naby; die einde word gesien.

Dis so. Is dit so?

Dan met graagte; sal ons die Boodskap
aankondig van Sy heerlike verskyning;
Spoedig kom Hy in heerlikheid om aan een en
elkeen te vertel.
Ontwaak dan, julle heiliges van die Here,
Waarom sluimer wanneer die einde nader,
Laat ons gereed maak vir daardie finale roep.
Amen!

Nasies breek op; Israel ontwaak;

Sy is 'n nasie nou.

Die tekens wat die profete voorspel het.
Die Heidene se dae is getel, met vrese beswaar.

Jy sien dit van ver af kom, nie alleen nasies nie, maar kerke.

Keer terug, O verstrooides, na jul eie.

Die dag van verlossing is naby;
Mense se harte gaan staan van vrees;
Word gevul met Sy Gees, Julle lampe gereed en
helder;
Kyk op, jul verlossing is naby.

Valse profete vertel leuens; God se waarheid
ontken hul,
Dat Jesus, die Christus, ons God is.

Julle weet hulle doen dit.

En—Maar ons sal wandel waar die Apostels
gestap het.

Want die dag van verlossing is naby;
Mense se harte gaan staan van vrees;
Wees gevul met die Gees, Julle lampe gereed en
helder;
Kyk op, jul verlossing is naby.

200 Vee af daardie denominasie rook. Vee af daardie wêreldse smerigheid. Die Bloed van Jesus Christus is meer as genoeg om jou te reinig. Kyk op! Laat julle ligte skyn. Neem daardie vlerke en vlieg dadelik na iemand toe.

Laat ons nou ons hande lig en sê, "God, hier is ek; stuur my."

201 Hemelse Vader, terwyl ek myself aan U toewy vanaand, Here, met hierdie kerk, na hierdie boodskap, streng, hard, "Hier is ek, Here; stuur my."

Hier's my kerk, Here. Mag hulle hul aangesigte bedek met eerbied. Mag hulle hul voete bedek in nederigheid. Mag hulle die moed hê om te vlieg met die Boodskap, vinnig, na iemand anders.

Skenk dit, Here. Mag hulle met soetheid getuig, die sout van die aarde wees met die Saligmaker daarin.

Here God, hierdie is ons offergawe. Hierdie is ons offerande. Hierdie is ons danksegging. Hierdie is waarna ons verlang, Here. Stuur ons vanaand na iemand wat verlore is. Mag ons hulle môre êrens in die kerk intrek. Mag ons hulle die weg van die Here leer. Mag hulle gered word, Here, want dis later as wat ons dink. Skenk dit, Here.

202 Mag ons dit in ons harte bedoel. En soos ons dit spreek, Here, neem 'n kool van vuur van die Heilige Gees van die altaar af by Kalvarie; ["Calvary"—Vertaler] raak elke hart en lip vanaand, Here, dat ons geen leuens spreek nie, dat ons die Waarheid spreek.

Neem ons vanaand, Here, net wat ons is. Almal van ons is nie predikers nie. Almal van ons nie profete nie. Almal van ons is nie sprekers met tale nie. Almal van ons is nie werkers van wonderwerke nie; maar ons almal het iets om te doen. Wys ons waar dit is, Here. Getuig, sing U eer. En soos brood op die water, sal dit een heerlike dag terugkeer. Skenk dit, Here. Hier is ons. Stuur ons na ons bure na waar ons ookal kan, na ons medemens, en vertel hulle van die koms van die Here. Skenk dit, Vader.

203 Seën ons nou. Mag ons goeie rus in ons liggame hê vanaand. Mag ons opstaan en kerk toe kom in die oggend; en mag U so—so kragtig spreek môre, dat U nie een steen ongedaan sal laat nie, dat elke mens sal weet hoe om hierin in te gaan. Leer ons, Here. Ons is wagtende. Leer ons in die oggend hoe om te kom tot hierdie volle maat waar ons seuns en dogters van God kan wees. Ons wag op U, Here, met die kool van vuur gereed om op ons lippe geplaas te word. Ons is wagtende, Vader, in Jesus se Naam.

204 Nou, met ons hoofde gebuig. Ek sal die pastoor nou vra om vorentoe te kom vir die afsluitingsdiens.

God seën julle. Hoop om julle in die oggend te sien nou. God wees met julle, genees al die siekes en geteisterdes onder ons, maak elkeen van julle . . .

Ek voel gevul met die Gees reg nou. Ek voel die Heilige Gees. Ek voel Sy Teenwoordigheid. Ek weet Hy's hier. Ek is oortuig Hy's hier. Ek sien Hom; Ek weet Hy's hier. Ek sien Hom beweeg, daardie groot Pilaar van Vuur. Glorie! . . .?. . . die manifestasie van Sy Wese, die goddelikheid van Sy Teenwoordigheid . . .?. . . Sy verhewe Wese.

God, hang oor hierdie mense; laat nie een van hulle verlore wees nie, bid ek. Ere aan God!

Een Man Se Invloed Op'n Ander AFR62-1013
(The Influence Of Another)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 13 Oktober, 1962, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©1994 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org